
SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE DEUR DIE SINODALE SENDING-DEPUTATE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

JAARGANG 3 — NR. ~~65.~~ 1
JANUARIE 1964

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY



# DIE OES

**Collection Number: AD2533**

**Collection Name: South African Institute of Race Relations, Collection of publications, 1932-1979**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.

## SENDINGLEKTUUR

**Posbus 20008, Noordbrug**

Die boekies en tydskrifte wat hieronder verskyn is baie handig vir sendingdoeleindes.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Preekbundel in Zoeloe | 30c |
| 2. | Preekbundel in Sotho | 30c |
| 3. | Kategismus in Tswana | 10c |
| 4. | Kategismus in Sotho | 10c |
| 5. | Kategismus in Venda | 10c |
| 6. | Afgerolde preke in Tswana | 2½c |
| 7. | Almanak 1962, 1963 en 1964 | 5c |
| 8. | Kalender in Bantoetale | 10c |
| 9. | Tumelo ea Bacreste in Sotho | 35c |
| 10. | Murumiwa in Venda en Tsonga (by u kerkraad). | |
| 11. | Rugama in Zoeloe, Sotho en Xhosa per jaar | 30c |
| 12. | Die Oes, per jaar | 50c |


# DIE OES

Jaargang 7 — Nr. 1
NOVEMBER 1963.
Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*
Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. A. Postma.

*Administrasie:*
Die Skriba,
Sendinglektuurkommissie,
Posbus 20008,
Noordbrug.
POTCHEFSTROOM.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.
Die blad verskyn ses maal per jaar.
Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom



**'N BANIER VAN DIE VOLKE**

'n Nuwe boek van prof. Hugo du Plessis.
Die Woord van God in en vir die wêreld.
'n Prikkelende, oorspronklike studie van die Ou Testament in sendingperspektief. 205 bladsye; posvrye prys: R1.80.
*Bestel dit nog vandag by die uitgewers:*

**PRO REGE - PERS BEPERK**
**Posbus 343**
**Potchefstroom**

# Christelike Ooreenstemming op Internasionale Vlak

**Prof. H. du** Plessis.

Dat daar op internasionale vlak so 'n mate van eenstemmigheid i.s. rassevraagstukke, waarmee ook ons in Suid-Afrika kan saamstem, verkry kan word, soos onlangs op die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (7 Augustus e.v. dae te Grand Rapids, V.S.A.), is inderdaad 'n historiese gebeurtenis en 'n wonder.

Dat die vergadering op internasionale vlak was, blyk duidelik uit die feit dat daar afgevaardigdes was van al die kontinente: Japan, Korea, Ceylon, Brasilië, Meksiko, Nigerië, Suid-Afrika, Skotland, Ierland, Frankryk, Holland, die Verenigde State, Kanada, N. Zealand, Australië — van al hierdie lande was daar afgevaardigdes.

Hier het dit weereens duidelik geword dat waar die goeie wil daar is en die gewilligheid om in broederlike gees 'n eerlike samespreking te hou en te buig vir die Woord van God, ons van Suid-Afrika en die broeders van ander lande mekaar selfs in hierdie netelige saak wel in 'n groot mate kan vind.

Terwyl die vorige Ekumeniese Sinode hom nie oor die wenslikheid van aparte ontwikkeling in aparte kerke wou uitspreek nie, het hierdie sinode dit wel gedoen en wat nog meer is, dit het hierin in hoofsaak feitlik woord vir woord beaam wat ons eie sinode daaroor besluit het.

In die eerste plek het die sinode, net soos ons sinode, aanvaar dat *rasse-integrasie nie 'n universeel reelende beginsel is wat God* se wil vir ons Christelike optrede in rasseverhoudinge uitdruk nie, maar dit het hierby gevoeg, en daarmee kan ons ons ook seker vereenselwig: *Afsonderlike rasse-ontwikkeling is ook nie so 'n algemeen geldende beginsel nie.*

In die tweede plek was die Sinode eenstemmig daarin dat, waar jonger kerke aan ander volke behoort en ander tale en kulture het, dit *wenslik is dat hulle hulle eie kerklike vergaderings tot op nasionale vlak moet hê.*

Dit is presies soos ons sinode besluit het.

In die derde plek het die sinode dit as sy oortuiging uitgespreek dat, hoewel sodanige kerkinstituering wenslik is, *die eenheid van die kerk van Christus, in sy verskeidenheid, ook organisatories uitgedruk moet word en tot openbaring moet kom.* Ook dit is heeltemal in die lyn van ons sinode-besluit.

Die sinode het hierdie twee laaste aanbevelings afgesluit met hierdie pragtige woorde: „op hierdie manier sal die een kerk van Christus in sy universaliteit, sy eenheid en sy pluriformiteit progressieflik onder die volke van

die wêreld geopenbaar word". Is dit nie mooi gesê nie?.

In die vierde plek was daar ook eenstemmigheid bereik oor die wenslikheid van segregasie tussen verskillende volke. Hier het die sinode ook feitlik woordeliks die besluit van ons sinode met die volgende woorde bevestig: *„as twee of meer volke in dieselfde land begeer om hulle onderskeie identiteite te handhaaf kan dit nie op die basis van beginsel afgekeur word nie."*

Oor al die bogenoemde sake behalwe die genoem onder die derde punt was daar algehele eenstemmigheid. In hierdie geval was daar net een teenstem en, dis jammer om te sê, dit het gekom van die afgevaardigde van die Ned. Gereformeerde kerk in Suid-Afrika.

Ons kan nooit dankbaar genoeg wees nie dat ons sinode se besluite op hierdie wyse deur afgevaardigdes van al die kontinente bevestig is, maar die Ekumeniese Sinode het ook twee verdere aanbevelings aanvaar waarvan die een tot nadenke stem en die andereen 'n gewetensvraag vir ons is.

Tot nadenke stem die waarskuwing van die Sinode om die *uiterste versigtigheid te betrag in die gebruik van Skriftekste om 'n bepaalde rassebeleid te regverdig.*

Die gewetensvraag is die volgende aanbeveling: *„die Sinode verklaar dat waar lede van een etniese groep of volk permanent in die land van 'n ander volk of groep woon, aan al die volke en groepe gelyke-God-gegewe menslike regte onder God en die wet gegee moet word"*. Dit kink vir ons 'n bietjie na die manifes van die V.V.O. oor menslike regte, maar tog is dit heeltemal iets anders, want dit word gekwalifiseer as *God-gegewe regte onder God en die wet*, en daarbenewens word die volgende voorwaarde bygevoeg: *elke groep of volk mag nie in die uitoefening van sy God-gegewe regte die God-gegewe regte van die ander groep of volk verkrag nie"*.

Waarop kom bostaande nou neer en wat hou die genoemde gewetensvraag in? Soos ons dit sien, wil die sinode hiermee die volgende boodskap aan ons rig: „Ons, julle broeders uit baie lande is bereid om toe te gee dat aparte kerke onder sekere omstandighede wenslik is en dat, indien twee of meer volke hulle onderskeie identiteite wil handhaaf, daar geen prinsipiële besware teen segregasie kan wees nie. Ons is bereid om dit toe te stem, op voorwaarde egter dat in verband met elkeen van die twee sake daar 'n vereiste is waaraan voldoen moet word. In sake aparte kerk instituering is daar die vereiste dat die eenheid van die kerk deur 'n organisatoriese verband tot openbaring moet kom." Hierteen het ons geen beswaar nie, want ons sinode het al in dier voege besluit. Die Sinode moet nog net die verband in oorleg met die pas geïnstitueerde nie-blanke sinodes verder reël.

**Die gewetensaak** het betrekking op die aanbeveling in sake die toekenning van menslike regte. Is ons bereid om te erken en dit as ons oortuiging uit te spreek dat sodanige gelyke regte aan nie-blankes, wat permanent tussen ons woon, gegun moet word? Dit is 'n **gewetensvraag waarop ons in alle opregtheid en in onderworpenheid** aan die Woord van God sal moet antwoord. Wat die Bantoes betref kom dit o.i. op die volgende neer: is ons bereid om aan hulle, wat ons nie kan of wil segregeer nie of wat om 'n ander rede nie gesegregeer kan word nie en wat vir geslagte permanent tussen ons woon, vroeër of later sodanige gelyke regte toe te ken? Dit is die vraag wat aan ons gestel word.

# Die dal Agor as 'n deur van Hoop

(Hosea 2 : 14)

Hierdie preek het dr. D. T. Niles gelewer, in Engels, op die laaste Sondagaand tydens die sitting van die „All Africa Conference of Churches" te Kampala in April jl. Dr. Niles, 'n inboorling van Ceylon, is Alg. Sekr. van die „East Asia Christian Conference".

Aan die begin van die O.T.-geskiedenis, en juis toe Israel die beloofde land binnegegaan het, lees ons van 'n ontstellende gebeurtenis. Israel is in die slag van Ai verslaan, en Josua stel vas dat die nederlaag te wyte is aan Agan se bedrog. Agan en al sy mense is dood gestenig in die dal Agor. 'n Dergelike gebeurtenis staan opgeteken aan die begin van die N.T.-geskiedenis, juis toe die kerk sy groot taak begin het. Ananias en Saffira het bedrog gepleeg en het dood neergeval. Die gewig van hierdie twee gebeurtenisse lê hierin, dat dit een essensiële waarheid onderstreep: *dit wat aan God behoort is syne, en God laat Hom nie bedrieg nie.*

Wanneer God die dal Agor aan Israel gee as 'n deur van hoop, dan sê Hy daarmee aan hulle: „Julle is Myne, en Ek behou wat Myne is. Ek laat My nie bedrieg nie". In ons hele lewe en al ons werk, is die grondslag van ons hoop die feit dat God, wat ook al gebeur, God bly en dat Hy behou wat syne is. In hierdie diens, waar ons byeen is as verteenwoordigers van die kerke van Afrika, moet ons staatmaak op hierdie sekerheid: die arbeid is syne; ons is syne; hulle is syne; die toekoms is syne; en dit alles, wat aan God behoort, sal syne bly.

*Die arbeid is syne.* Die waarborg van alle Christen-arbeid is dat God self die Werker is. Jesus het gesê: „My Vader werk, en Ek werk ook. Wat die Vader My gegee het om te doen, dit doen Ek net so". Dit is nie so dat ons net vir God werk nie, maar ons werk met Hom in 'n wêreld waarin Hy self aan die werk is. Dit is die werk van God wat die „draad" van die geskiedenis bepaal. As iemand met hout werk, moet hy nie teen die draad in skaaf nie, anders gee dit net splinters af. Daarom het Jesus gesê dat as iemand nie saam met Hom versamel nie, dan verstrooi hy, ook al dink hy dat hy versamel. God werk, bv. ongetwyfeld vir die vryheid van Afrika en die volke van Afrika. Ook mense werk daarvoor. Maar as mense telkens kry wat hulle „vryheid" noem, wil dit nog nie sê dat hulle gekry het wat God bedoel nie. Mense is geneig om hulle doelwit as die absolute te sien. Wat hulle wil hê, is vryheid. Maar wat God wil hê, is Afrika.

Ons verkeer altyd in hierdie soort verwarring. Daar is slegs een ding wat ons kan staande hou in ons werk en strewe, nl. die erkenning dat die werk syne is en dat Hy altyd God bly.

Hierdie waarheid is moeilik om te vat. Wat hierdie waarheid inhou kan verduidelik word aan die hand van 'n ander gebeurtenis in die Skrif. God het Abraham beloof dat hy 'n seun sou hê. Abraham het tien jaar lank gewag, en Sara het gewag. Abraham was naderhand honderd jaar oud, en nog was daar geen seun nie. Dit is net menslik dat hulle in hierdie omstandighede gaan twyfel het of hulle God se bedoeling reg verstaan het. „Vat Hagar", sê Sara aan Abraham, „dit is seker wat God bedoel het". Toe Ismael gebore was, het Abraham die kindjie voor die Here gestel en sy seën gevra. Maar God het aan

Abraham gesê: „Dit is nie wat Ek bedoel het nie. Jy het jou vergis". In sy verwardheid sug Abraham: „Maar wat staan my nou te doen? Wat doen ek met Ismael?" God se antwoord is besonder hartversterkend: „Ek sal óók met Ismael wees". Ons dien 'n God aan wie ons ons vergissings kan toevertrou. Ons Isak is syne, maar ons Ismael is ook syne.

Daarby moet ons dit laat. Ons moet van God leer om op Hom te vertrou, dan sal ons arbeid met Hom en vir Hom ontdaan wees van vertwyfeling. „Jy kan nie die bloeisel oopmaak om 'n blom te wees nie: Hy wat dit doen, doen dit heel eenvoudig".

*Ons is syne.* Die versekering dat God nie bedrieg kan word nie, dra nêrens groter gewig as in hierdie verband nie. Dit bevat kragtige troos vir die indiwidu. In die hoëpriesterlike gebed van Jesus kom dit tot uiting in onvergeetlike woorde. „Hulle wat U aan My gegee het, het Ek bewaar, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf". Die verborgenheid van Judas moet 'n verborgenheid bly, en elke poging om ons daarvan af te maak met 'n valse universalisme of 'n platvloerse immanentisme is onskriftuurlik. Maar teenoor hierdie verborgenheid as 'n blywende agtergrond, verklaar ons: „Ek weet in Wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe". Die Jesus in wie Paulus geglo het, het hom ingespan selfs voordat Paulus Hom aangeneem het. Die stem wat Paulus toegespreek het op sy pad na Damaskus, het gesê: „Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop". Wanneer 'n trekdier ingespan was, het prikkels aan die dwarsbalk van die ploeg* hom telkens laat voel dat hy net homself beseer as hy skop. Die juk van Christus *was* dus reeds al op Paulus se nek. In een van die pynlike twisgesprekke tussen God en Jeremia, vra hy: „Wanneer het U op my beslag gelê?" God se antwoord was: „Toe jy nog in die moederskoot was".

Dikwels lê ons soveel nadruk op *ons* besluit om vir Christus te werk, dat ons *sy* deurslaggewende besluit oor ons, uit die oog verloor. Ek was syne voordat Hy myne geword het. Dit is wat ek weet van Hom in wie ek geglo het. Ek is syne, en Hy laat Hom nie beroof nie. Toe Hy my gevra het: „Is jy gewillig?" het ek geantwoord: „Ek is gewillig". Hierdie antwoord van my het ek aan Hom toevertrou, en *Hy* sal dit nakom. Ek sal val, ek sal faal, maar Hy bly getrou.

„'n Lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, en 'n geknakte riet sal Hy nie verbreek nie". Die pit van 'n huislampie was gemaak van 'n stukkie lap. Dit was die maklikste ding ter wêreld om 'n pit wat rook weg te gooi en 'n ander enetjie in te sit. Maar dit is presies wat God nie doen nie. Hy neem die rokende pit, draai dit weer op en doop dit in olie, beskut dit selfs teen die wind, tot dit weer brand. Aan die walle van die Jordaan het riet in oorvloed gegroei. As 'n riet beskadig word terwyl iemand daar gaaitjies in boor om 'n fluit te maak, was dit die maklikste ding ter wêreld om dit weg te gooi en 'n ander riet te neem. Maar dit is presies wat God nie doen nie. Hy het by my gebly en Hy het by u gebly totdat ons wonde genees was en ons weer in staat was om suiwer musiek te maak.

*Hulle is syne.* Die arbeid is syne, ons is syne, en ook hulle is syne. Wie is hierdie „hulle"? As u 'n blanke in Suid-Afrika is, dan is die nie-blanke syne; as u 'n nie-blanke in Suid-Afrika is, dan is die blanke syne. As u 'n Bantoe is, dan is die Engelse, die Belge,

---

* Die meeste verklaarders meen dat die prikkels aangebring was op die punt van die drywer se stok — (Wnd. Red.).

die Franse en die Portugese syne; as u Engels, Belgies, Frans of Portugees is, dan is die Bantoe syne. As u 'n Christen is, dan is die Moslem, die Hindoe en die Kommunis syne. As u 'n lid van die regering is, dan is 'n lid van die opposisie syne. Hulle is syne, wie *hulle* ook al is.

Amos maak 'n verbysterende verklaring: „Hy wat Israel uit Egipte gebring het, het ook die Filistyne uit Kaftor gebring, en die Arameërs uit Kir". Filistéa en Aram was vyande van Israel — maar ook hulle was syne. Die Israeliete het deur die Rooi See getrek en 'n nuwe land ingegaan: die Egiptenare het hulle koning en hulle eersgeborenes verloor en 'n nuwe dag tegemoet gegaan. Die redding was 'n redding vir albei.

Die waarheid van God in Christus is waarheid vir alle mense, want dit is waarheid oor alle mense. Omdat Jesus die waarheid oor u is, is u verplig om tot 'n beslissing oor Jesus te kom. As iemand by magte is om van Jesus los te kom, hoef hy geen standpunt teenoor Hom in te neem nie.

Hierdie allesomvattende kenmerk van die Christelike geloof boet egter sy evangeliserende krag in, as ons wat dit weet nie daarna lewe nie. Dit is nie genoeg om daaraan te glo nie. Dit moet opgebreek word, en dan moet die samestellende dele daarvan toegepas word in daad en in woord. In 1940, toe die „SCM Quadrennial Conference" van Indië. Birma en Ceylon in Ceylon gehou is, het 'n Indiese afgevaardigde, en sy reis na Ceylon, een van die konferensie-grappe opgelewer. Maaltye was nie op die trein te kry nie, net op sekere stasies, en dan maak al die passasiers 'n stormloop, want die tyd was beperk. Hierdie afgevaardigde het op reis gegaan met niks kleiner as 'n tien-roepee-noot in sy sak nie. Na elke maaltyd het hy hierdie noot aangebied, maar dan was daar nie genoeg tyd om dit klein te maak nie. Elke keer het iemand anders dan maar vir hom vereffen. Uiteindelik het hy by die konferensie opgedaag met sy ongebruikte tien-roepee-noot.

So is baie Christene. „Ek glo in God die Vader" is 'n tien-roepee-noot. Dit moet opgebreek word in kleingeld, anders is dit waardeloos in die omgang met mede-mense. „Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk" is ook 'n tien-roepee-noot, maar waardeloos as dit nie in kleingeld omgesit word nie. Dan moet iemand betaal vir die maaltye op die reis.

Hulle is syne, wie hulle ook al mag wees. Op ons rus die verantwoordelikheid om te sorg dat hierdie waarheid geken, verstaan en aanvaar word.

*Die toekoms is syne.* Ten slotte, die dal Agor verkondig aan ons dat die toekoms syne is. In die geloofsbelydenis van die kerk staan slegs een werkwoord in die toekomende tyd, en in hierdie toekomende tyd gaan dit om Jesus Christus: „Hy sal kom".

Ek is dankbaar dat ek die voorreg gehad het om hier in Kampala die eerste byeenkoms van die „All Africa Conference of Churches" by te woon. 'n Mens besef dat jy aanwesig was by 'n beslissende oomblik van die geskiedenis. Maar, as u my sal toelaat om dit te sê, een van die klanke wat hier opgeklink het was 'n gedempte klank. Die stem van môre het nie helder genoeg opgeklink nie. Die harte het te veel in die verlede geklop. 'n Ontleding van alles wat in die verlede plaasgevind het, kan nie die plek inneem van 'n aandurf van die toekoms nie — die toekoms waarheen God u hier in Afrika, die toekoms waarheen God al sy kinders in alle lande, roep.

„Wagter, hoe ver in die nag?" „Die môre kom, en ook die nag". Ja, dit is nog nag, en

daar is nog meer van die nag vóór. Maar dit is die nag voordat die môre breek.

Jesus se belofte aan sy kerk is dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Die regte houding vir die kerk is die aanvallende houding. 'n Kerk wat trag om homself te beveilig is nooit veilig nie. Maar aan 'n kerk wat aanvallend optree teen die magte van die doderyk. is die belofte gegee dat die poorte van die doderyk nie sal seëvier nie. Hier lê ons taak en ons waarborg.

„Ek gee aan julle die dal Agor tot 'n deur van hoop". „Die koninkryk van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus".

# ERNS MET DIE HUWELIK

Ons vertaal die volgende uit „Het Zendingblad", en hoewel die eienaardige gebruike van die nie-blanke omslagtig en vir ons vreemd is, is dit tog duidelik dat die sluit van 'n huwelik deur die inboorlinge wat bekeer is tot die Christelike geloof, ernstig opgeneem word.

C. M. Overdulve skrywe uit Remera, Ruvanda die volgende: Reeds maande gelede het die vader van 'n aanstaande bruidegom van De Raad van het Christelijke Leven, wat bestaan uit drie broeders en een suster — aangewys deur die kerkraad — vergunning kom vra om die bruidsgeskenke te mag aanbied aan die vader van die uitverkorene van sy seun.

Die Raad het by die tyd reeds nagegaan hoe dit gesteld is met die lewe van die twee families. Ten slotte het die Raad toestemming gegee tot die oor en weer ruil van geskenke, op voorwaarde dat die verloofde paartjie sowel as hul ouers die huwelikskatkisasie sal bywoon. Vier Saterdae het die verloofdes en hulle ouers na Mfizi, die evangelis op Remera, gekom.

Dan het hy die Bybel oopgeslaan en saam het hulle geluister wat die Woord van God oor die huwelik te sê het. Aan hulle is ook verduidelik wat die kerklike gebruik is by die huweliksbevestiging en is daar vrae wat verband hou met die huwelik, oor en weer gestel.

Eindelik het die groot dag aangebreek: Nadat die Raad van het Christelijke Leven die skriftelike vergunning afgegee het, kon die burgerlike owerheid die huwelik voltrek. Nog een maal word die huwelik gestel in die lig van Gods Woord, die vrae word gestel en verskeie kere klink die ‚Yee' antwoord. Na afloop hiervan gaan almal na die familiebruilof.

Maar hier eindig die bemoeiing van die kerk deur sy benoemdes nie, want twee weke later besoek die paartjie weer die leraar en volg 'n persoonlike gesprek onder vier oë met die man en die vrou afsonderlik.

As daar moeilikhede opgeduik het word dit saam bespreek en probeer om 'n uitweg te vind. Op die wyse probeer hulle voorkom dat huwelike uitmekaar val en word teleurstellings voorkom.

Dit is die wyse waarop die kerk probeer om 'n gesonde huweliks- en gesinslewe te bevorder. By baie van die gesprekke, waarin onderrig en leiding gegee word, hoor 'n mens: „duseng Imana" d.i. „laat ons die Here aanroep".

Soos reeds aan die begin gesê, is die handeling vir ons miskien vreemd, maar tref dit ons tog met hoeveel heilige erns die sluit van die huwelik opgeneem word.

Moontlik kan ons met vrug ook hiervan kennis neem op ons sendingvelde. H.B.v.d.W.

# NUUSFLITSE

● Die Sending-Kalender vir 1964 het so pas verskyn.

Die Kalender bevat bybeltekste en skrifoordenkings met bypassende tekeninge en is opgestel in Sotho, Zoeloe, Xhosa en Venda. Dit kan dus byna in alle gebiede gelees word. Die Sinodale Sendingdeputate wil op die wyse ook die Evangelie uitdra. Die vorige uitgawes het 'n goeie ontvangs geniet. Verlede jaar was die oplaag te klein vir die bestellings wat ingekom het.

● Die laaste van die drie Sinodes van die Nie-blanke Kerke het op Venterstad vergader. Op die drie Sinodes is afgevaardigdes gekies wat later 'n ekumeniese sinode kan vorm. Die Algemene Sinode van ons Kerk, wat Januarie vergader, sal na aanleiding van rapporte wat deur die Sinodale Sendingdeputate opgestel is, verder oor hierdie saak besin.

● Ds. J. A. van Rooy, sendingleraar op Siloam, het die beroep as sendingleraar vir die kombinasie Linden - Johannesburg - Noord aangeneem. Ds. Van Rooy was ongeveer sewe jaar sendeling op Siloam. In die tyd het ds. Van Rooy die Venda-taal bestudeer, wat hy nou nie alleen goed kan praat nie maar was hy ook instaat om verskeie vertalings in Venda te doen. Ds. Van Rooy het die sendingblad, die Murumiwa, in Vendaland begin en dit uitgebou sodat die sirkulasie reeds meer dan 7,000 eksemplare per uitgawe is. Van dié publikasie is hy redakteur.

● Die kerkraad van Linden oorweeg die daarstelling van 'n bewaarskool vir Nie-blanke kinders tussen 2 en 5 jaar. Die Vrouevereniging in Linden sal die bewaarskool, wat in Meadowlands gevestig sal word, beheer. Daar word beoog om voorsiening te maak vir 150 kinders met 4 personeellede.

● Die sending in Diepkloof wat uitgaan van die Blanke kerk Florida, vorder mooi. Mor. P. Nkosi bearbei die Zoeloes, terwyl twee helpers onder die Sothos werk. Die vooruitsigte is goed dat 'n gemeente onder die Sothos voor die einde van die jaar gestig en 'n kerkgebou opgerig sal word.

● Ds. W. L. Kurpershoek van die Vrygemaakte Gereformeerde Kerk, Haarlem, sal eersdaags in die Republiek aankom om sending te doen in Natal. Die oorkoms van ds. Kurpershoek is 'n gevolg van 'n onderhandeling tussen die Vrygemaakte Kerk in Nederland en van die kerkraad van Vryheid, in oorleg met die Sinodale Deputate vir Sending. Ds. Kurpershoek sal hom drie myl van Bloedrivier op Mquti vestig. Hy sal 'n tyd lank op Richmond by di. J. Vonkeman en M. R. van den Berg vertoef. Di. Van der Berg en Vonkeman het ook 'n tyd gelede van Nederland gekom om in samewerking met ons Kerk sending in Natal te doen.

● Die Klassis Germiston is gevra om uitspraak te gee oor die bediening van die Sakramente in Nie-blanke kerke in sy ressort aan lidmate wat nie kan trou omdat hulle vorige huwelik deur egskeiding nog nie kon ontbind word nie. Meestal is die mense nie in die vermoë om die hoë egskeidingskoste te dra nie.

● Die afgelope 7 jaar het die Nie-blanke kerke (gemeentes) met 50 gestyg. Die 94 Nie-blanke lidmate van 1910 het gestyg na 18,364 in 1963. In 1947 was daar maar een Nie-blanke predikant en een Blanke sendeling. Volgens die jongste statistiek is daar 32 Nie-blanke en 10 Blanke predikante — 'n totaal dus van 42. Die stigting van kerke (gemeentes) het dus veral die afgelope 7 jaar 'n vinnige tempo aangeneem.

H. B. van der Walt.

# *MOTIEWE IN ONS SENDINGWERK*

DIE BEVEL.

In die jongste geskiedenis van die Christelike kerk was die sendingbevel van Matthéüs 28 en Markus 16 baie prominent wanneer daar oor sendingmotiewe gepraat is. Die eerste Gereformeerde geleerde wat hom eintlik oor hierdie saak uitgespreek het, Jacob Heurnius, het hier die toon aangegee. Dieselfde kan gesê word van die baptis Wiliam Carey, die eersteling in die moderne sendingoplewing sedert die einde van die 18e eeu. En op die geskiedkundige Zendingscongres te Amsterdam in Januarie 1890, wat die stoot gegee het aan die bloeiende sendingwerk van die Gereformeerde Kerke in Nederland, het prof. dr. A. Kuyper uitdruklik gesê: „Drijfveer tot de zending zij gehoorzaamheid", m.n. aan die sendingbevel, sonder om enige ander motief te noem. Hy het selfs in sy referaat daardie kongres so ver gegaan om alle ander motiewe uit te sluit: „Uit Gods souvereiniteit, niet uit Gods liefde of barmhartigheid, neen, hooger, uit Gods souvereiniteit vloeit alle zending voort".

Met alle lof vir die verbasende diepte van insig wat Kuyper in genoemde referaat in die beginsels en probleme van die sending openbaar, voel 'n mens tog dat dit 'n mens nie toekom om op hierdie wyse 'n rangorde van Gods eienskappe op te stel nie. Dit bots ook met die Skrif, wat duidelik ook Gods liefde as motief vir die sending van Christus in die wêreld noem (Joh. 3 : 16), waardeur Gods soewereiniteit hoegenaamd nie as 'n sentrale motief uitgesluit word nie.

Enigeen wat die vinger op die pols van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kan lê, weet dat ook by ons hierdie motief, die gehoorsaamheid aan die sendingbevel, baie sterk op die voorgrond staan. Gesien ons sterk verbondenheid met Nederland kan dit ook nie anders nie. So noem die Sendingorde as motief vir die sending die sendingbevel volgens Matth. 28, en dit sal wel sy invloed in ons Kerk laat geld, selfs al is die bedoeling van die Sendingorde seker nie om die motiewe vir sending weer te gee en dan die sendingbevel as enigste motief te noem nie.

DIE GEVAAR

Waar die sendingbevel as bevel op die spits gedryf word, losgemaak van die verband waarin dit staan: die koningskap van Christus („Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde") en die belofte daaraan verbonde („En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld"), kan dit maklik ontaard tot dwang in die sin selfs van: „Julle wil nie, maar julle moet, want Christus het dit beveel!"

NUWE SKRIFSTUDIE.

Die afgelope tyd het daar twee uitstekende werke verskyn wat spesifiek op hierdie onderwerp ingaan, nl. sendingmotiewe in die Nuwe Testament. Die eerste is die van J. van den Berg: „Constrained by Jesus' Love", saamgevat in die kostelike werkie: „Waarom Zending" (Kok, 1959).Die tweede is die van D. van Swigchem: „Het missionair Karakter van

de Christelijke Gemeente". waarin ook die sendingmotiewe ter sprake kom i.v.m. die hoofonderwerp. In hierdie werke word verrassende nuwe lig gewerp op wat in die Skrif as motiewe vir sending gesien is.

Eerstens is dit opvallend dat 'n beroep op die sendingbevel nêrens meer in die Skrif voorkom nie. Van den Berg noem dit die „ondergedoke motief", en gebruik die beeld van die vermaning aan 'n egpaar in die huweliksformulier om mekaar lief te hê, wat so vanselfsprekend is dat in 'n gesonde huwelik niemand ooit daaraan sal dink om hom op daardie vermaning te beroep nie. So was dit in die Nuwe Testamentiese gemeente. Dit was so vanselfsprekend dat sending gedoen moes word dat niemand ooit daaraan gedink het om hom op die sendingbevel teen die gemeente te beroep nie. Hiermee hang saam dat die kerk met die Heilige Gees vervul en toegerus was vir sy sendingtaak. Jesus het self die uitstorting van die Heilige Gees aan die uitvoering van die sendingopdrag vasgeknoop: „ . . . julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees . . . " (Hde. 1 : 8).

## 'N SIEKTEVERSKYNSEL.

Wanneer dit nodig word om 'n gemeente voor die bevel te stel: „Jy moet, of jy wil of nie — jy moet, want dit is God se bevel", dan is dit 'n teken dat daar in daardie gemeente iets radikaal verkeerd is. Dan is daardie gemeente dodelik siek. Dan het hy van kindskap tot slawerny verval. Dan het hy aan sy wese ontrou geword. As sending uit slaafse gehoorsaamheid, botte gehoorsaamheid, gedoen moet word, teen die sin van 'n gemeente in, dan is dit vir daardie gemeente net so min werd as wanneer hy glad nie sending sou doen nie. Sulke „gehoorsaamheid" is geen gehoorsaamheid nie. Alleen vreugdevolle gehoorsaamheid is werklik gehoorsaamheid.

Die motief vir die opmars van 'n leër is nie die marsbevel nie, maar lojaliteit teenoor die ryk waarvoor hulle veg. Die sendingmotief in Matth. 28 is nie in die eerste plek die bevel nie, maar die ryksaankondiging van Jesus die Here, „Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde." „Gaan dan heen . . . !" is slegs die marsbevel, wat geen soldaat in die leër van Christus straffeloos kan veronagsaam nie (I Kor. 9 : 16). Maar 'n soldaat wat geen ander motief as dit het nie, het geen aandeel aan die koninkryk nie, hy is 'n outomaat.

Die Kerk van Christus word in sy sendingwerk gedra deur die koningskap van Christus, sy almag, en die lojaliteit teenoor Hom en geesdrif vir sy saak, en deur die belofte van die Koning: „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

## „KOM, HERE JESUS!"

Hiermee word in verband met die sendingbevel die oë van die kerk op die voleinding gerig, op die wederkoms van die Here. Elders (In Matth. 24 : 14) is dit deur die Here Jesus self as volg geformuleer: „En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom."

Sendingywer moet dus saamhang met die gespanne hoop en verwagting van die wederkoms. Dit is die sg. „eskatologiese motief". En tussen die intensiteit van hierdie verwagting en die intensiteit van die sendingywer is daar 'n heilsame wisselwerking: die verwagting spoor aan tot sendingarbeid en die sendingarbeid stimuleer die verwagting. Ook

daarom is sending so belangrik vir die Kerk. as hy nie sy uitsig op die wederkoms wil verloor, of, soos Hoekendijk dit uitdruk, dit vir hom niks meer moet word as 'n eskatologiese weerlig op die verre horison nie.

## DEUR LIEFDE GEDRING.

Aangesien sending in die Nuwe Testament beskou word as so vanselfsprekend behorende tot die wese van die kerk, word dit nie spesifiek as onderwerp behandel nie. Waar dit wel terloops na vore kom, soos die punt van 'n ysberg wat bo die water uitsteek, is naas die motief van verkondiging van die Koninkryk sentraal en gelykwaardig die motief van die „liefde van Christus". Nêrens word dit duideliker uitgedruk as in II Kor. 5 : 14 nie: „Want die liefde van Christus dring ons . . . "

Van den Berg sê hiervan dat dit 'n woord is wat menige sendeling op sy missionêre tog deur die wêreld begelei het, en gaan verder: „In die bybelse sin van die woord is die liefde 'n beweging wat in God sy oorsprong vind: Paulus sê dat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees. En altyd vind die liefde êrens op sy weg die mens: ook al weet ons uit die dubbele gebod van die liefde dat God in die eerste plek die voorwerp van ons liefde moet wees, ons weet tog ook dat hierdie liefde mede gestalte aanneem in liefde tot die mens, die mens, wat voorwerp is van die liefde van God, en wat daarom deur die gemeente, wat self uit die bron van Gods liefde put, met die goddelike liefdesstroom in kontak gebring moet word. Die sendingwerk vind sy plek in die beweging van die liefde van God na hierdie wêreld toe — soos die sending van die Seun uit hierdie liefde voortvloei (Joh. 3 : 16), so vind die feit dat mense in hierdie wêreld uitgestuur word, sy oorsprong in die drywende krag van die liefde van Christus . . . Sendingwerk is: om na hierdie wêreld te probeer kyk deur die oë van Jesus Christus, wat met innerlike ontferming bewoë geword het toe Hy die skare in sy diepe nood gesien het." Sending sonder liefde en ontferming is oneg.

Wanneer hierdie liefde egter losgemaak word van die liefde van Christus, is dit nie meer ware liefde nie, maar ontaard dit tot humanistiese „jammerte". wat met 'n verwerplike meerderwaardigheidsgevoel („ons is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie") na die „arme heidene" kyk. Dit is antroposentries (op die mens gerig), terwyl alle ware sendingywer teosentries (op God gerig) moet wees.

## TEOSENTRIES — ANTROPOSENTRIES.

Dus kan die twee groot suiwer sendingmotiewe aan hulle teosentrisiteit uitgeken word: eerstens die motief van die Koninkryk: die almag van Hom aan wie alle koningskap gegee is, in wie die Koninkryk gekom het, en sy wederkoms in die voleinding en die verlange daarna; tweedens die liefde vir en van Christus.

Ander, newemotiewe, soos die kerklike of selfs kerkistiese motief, die konkurrensiemotief, die asketiese motief, die skuldmotief is nie altyd op sigself verkeerd nie, maar kan gevaarlik antroposentries word, en daar moet ernstig teen gewaak word. Ander motiewe is uiteraard uit die bose, soos die van politieke, kulturele, romantiese aard, of die motief van ontvlugting.

## „ONDERSOEK JULLE MOTIEWE, OF HULLE UIT GOD IS."

'n Mens word nie deur God geoordeel vol-

gens die resultate van jou werk nie, maar volgens jou gesindheid en die motiewe waarmee jy handel: of jy sendingwerk doen uit entoesiasme vir die pragtige organisasie wat jy besig is om op te bou; of uit politieke motiewe: omdat jy dink dat Christelike Bantoe en Kleurlinge dalk minder gevaarlik sal wees as heidene; of omdat die romantiese, die awontuurlike, waarvan daar in die sending genoeg is, jou lok; of aan die ander kant of jy dit doen met die oog op God en met oorgawe aan Hom: dat ook jou sendingwerk uit God, deur God en tot God is, dat jou wil een is met sy wil en jou liefde een is met syliefde, en jy ook in die sendingwerk eers sy Koninkryk en sy geregtigheid soek — elke gelowige, elke sendeling, elke gemeente, moet homself ondersoek of sy motiewe heilig, suiwer, uit God is, want daarvolgens word hy deur God beoordeel en die waarde van sy werk bepaal. Baie rumoer mag in die oordeel stoppels blyk te wys, en baie onopsigtelike, stille arbeid, goud.

J. A. van Rooy, Siloam.

---

# SENDINGAKSIE GEREFORMEERDE KERK NEWCLARE

Ons kan met blydskap meld dat die werk daar nog steeds vorder en dat daar 'n gestadige groei in die gemeente is. Die Katkisasieklasse sowel as spesiale belydenisklasse vir volwassenes word nog gereëld gehou en dit getuig dat die voedingsjare van die gemeente nog nie opgedroog het nie.

Ongelukkig bestaan daar faktore wat die groei van die gemeente strem, en die sendingkommissie is besig om aan die sake aandag te gee en probeer om dit die hoof te bied.

In die eerste plek is die huise in Newclare, waar ons kerkgebou staan, afgekeur en gesloop en is ons lidmate na die Westelike Naturelledorpsgebied, wat deur naturelle ontruim is, verskuif. Die gevolg is dat die meeste lidmate nou ver van die kerkgebou woon en moeilik by die kerk kom aangesien hulle nie vervoer het nie. Gevolglik word net een diens, en in die reël die morediens, op 'n Sondag bygewoon. Die bywoning van die moredienste deur sowel die ouers as die kinders is daarom taamlik goed, maar die middagdienste word maar deur agt of tien persone bygewoon.

Die Sendingkommissie soek na 'n geskikte lokaal in die Westelike-Naturelledorpsgebied waar daar in die middag ook 'n diens en katkisasie gehou kan word. Op die oomblik word 'n diens in een van die huise gehou, maar dit is beknop en ongerieflik, en daar kon dus nie veel vordering gemaak word nie. Buitendien hou die Kleurlinge nie van 'n diens in 'n huis nie.

Daar is nuwe dorpsgebiede vir Kleurlinge aangelê in Bosmont Montlives wat aan die suide- en westekant van Newclare grens. Dit is almal nuwe huise wat daar opgerig is en deur meer gegoede Kleurlinge bewoon word. Die Sendingkommissie was van oordeel dat met die opbouing van hierdie gebiede daar 'n sterk element tot ons gemeente in Newclare gevoeg sou word. Meeste van die inwoners, wat uit ander gebiede daar hervestig is, is egter

aanhangers van Islam en 'n klein persentasie is lidmate van die Anglikaanse kerk. Dit gaan hier uiters moeilik om aanknoping te vind, want die Kleurling-predikant alleen is nie opgewasse teen die mense nie en die lede van die Sendingkommissie se tyd is so beperk dat hulle nie daar hulp kan verleen nie. Daar kan slegs gearbei word as die man tuis is, want volgens die Islam-geloof mag die vrou haar nie inlaat met godsdienstige sake nie. Daarby kom nog dat weens die gevaar daaraan verbonde die mense nie in die aand besoek kan word nie. Hier lê 'n uitdaging vir die Gereformeerde Kerk van Johannesburg-Wes, aan wie hierdie arbeidsveld toevertrou is. Sal ons dit aanvaar en die vaandel van Jesus Christus daar plant of sal ons dit laat in die hande van Anti-Christelike magte? Hier het die Sendingkommissie waarlik u hulp en voorbidding nodig.

'n Ander saak wat by die Sendingkommissie kommer wek is die antipatie wat daar by sommige Kleurlinge is teenoor die Kleurling-predikant, ds. Mathyssen. Baie valse gerugte omtrent sy persoon word rondversprei veral in die Westelike Naturelledorpsgebied, en dit het ongetwyfeld 'n nadelige uitwerking op die vooruitgang van die gemeente. Die Kleurlinge is baie naywerig en jaloers op mekaar en ons kan verstaan dat hulle die een wat 'n amp onder hulle beklee, nie met rus sal laat nie. Ons kan maar net ons broeders en susters vra om ds. Matthyssen in hulle gebede te gedenk. Hy het 'n moeilike taak om te vervul onder sy eie mense.

Graag wil ons net ons vorige beroepe op u herhaal. As u ou gebruikte bybels, psalmboeke, kombuisgereedskap, klere of enigiets nuttig wat by u ongebruik lê, het, laat ons dit tog asseblief kry vir verspreiding onder die Kleurlinge. Hulle het dit baie nodig. Baie dankie.

D. G. Venter. Voorsitter Sendingkommissie.

(Oorgeneem uit Die Kerklig).

DIE BYBELGENOOTSKAP is die ALLEENVERSPREIDERS van die volledige BYBEL in Afrikaans, Xhosa, Sotho, Tsonga, Venda, Pedi, Tswana, en Zoeloe in die Republiek van Suid-Afrika. Die volledige Bybel in Nama, en **Kuanyama, inboorlingtale van Suidwes-Afrika,** word tans persklaar gemaak.

In 42 tale en stelsels word die Bybel vir blindes uitgegee.

BEHOEFTE AAN DIE SAAD.

Nog nooit in die geskiedenis van die wêreld was daar groter behoefte aan die geskrewe Woord van God nie.

In 1000 tale van die wêreld is nog geen deeltjie van die BYBEL vertaal nie.

In die afgelope nege jaar het die Bantoebevolking in die Republiek toegeneem met 2½ miljoen. In die ooreenstemmende tyd is slegs 1¾ miljoen Skrifdele in die Bantoetale versprei.

Die skoolbywoning van Bantoe-kinders het in die afgelope jare met 100,000 per jaar toegeneem. Meer as 60% van die Bantoekinders van skoolgaande ouderdom leer reeds om te lees. Dit sal meer as 20 jaar neem om teen 'n tempo van 60.000 Bybels per jaar net in die behoeftes van die huidige Bantoeskoliere te voorsien. DIE SAAD moet gesaai word in die ontvanklike jare voordat kommunistiese en ander Godlose onkruid te welig begin tier.

**Die akkers lê gereed vir die Saad.**

„Saai jou saad in die more . . . " (Pred. 11 : 6).

# GEMEENTE-OPBOU

Ds. L. Floor

In die Nuwe Testament word ons die gemeente van Christus met verskillende beelde geteken. Aan die een kant word die gemeente ons voorgestel soos 'n liggaam of 'n bruid. Maar op ander plekke vergelyk die Bybel die gemeente met 'n gebou, 'n tempel, 'n pilaar of met 'n brood.

In die eerste reeks van beelde lê die Skrif die nadruk op die organiese karakter van die Kerk, terwyl in die tweede ry van beelde die aksent gelê word op die organisatoriese karakter van die Kerk.

Op 'n sekere oomblik vloei die twee rye van beelde in mekaar wanneer die apostel Paulus spreek oor die Kerk as 'n bouwerk wat in Christus opgroei tot 'n tempel (Efese 2 : 21).

En ook by die apostel Petrus sien ons dieselfde gedagte wanneer hy sê: laat julle soos lewende stene opbou tot 'n geestelike huis (1 Petrus 2 : 4). Die gemeente van Christus is 'n liggaam wat moet groei en wat toegerus moet word.

In Handelinge 2 word ons die gemeente van die Nuwe Testament geteken as 'n lewende tempel waarin die gelowiges God dien in die Gees.

Uit daardie hoofstuk kan ons leer dat die Kerk maar nie net 'n organisasie is nie, maar ook 'n organisme, 'n lewende werklikheid.

Wat was nou 'n wesenlike kenmerk van die Jong Kerk?

Wat het die gelowiges gedoen en waarin het hulle hulle onderskei van die ander mense?

Hulle het volhard (vers 44.)

Volharding dit is 'n sleutelwoord vir die N. T.iese lewe van die geloof.

In die gelykenis van die saaier noem Jesus volharding as 'n kenmerk van die ware geloof (Lukas 8 : 15.)

Paulus praat ook oor die volharding van Christus waarin die volharding van die gelowiges gewortel is (2 Thess. 3 : 5).

Die volharding van die jong Kerk is 'n viervoudige volharding.

Hulle het volhard:

1. in die leer van die apostels.
2. in die gemeenskap.
3. in die breking van die brood.
4. in die gebede.

Calvyn noem hierdie vier punte die vier kenmerke waaraan ons die ware en suiwere Kerk altyd kan herken.

Wanneer ons nou ons kerkelike lewe vergelyk met die gegewens van die Bybel, dan sien ons dat ons as reformatoriese Christene slegs op twee van die vier punte die nadruk gelê het.

In die Kerke van Gereformeerde belydenis lê ons tereg die volle nadruk op die suiwere verkondiging van die Woord en op die regte viering van die heilige nagmaal.

Dit is baie belangrik om die volharding in die kerkgang en die nagmaalviering te benadruk.

Maar hoe belangrik dit ook mag wees om die suiwere Woordverkondiging en die regte nagmaalviering te beklemtoon, dit is tog nie voldoende nie.

Daar moet in 'n gereformeerde Kerk ook wees 'n volharding in die gemeenskap en 'n volharding in die gebede.

En as ons onsself ondersoek dan moet ons erken dat hierdie twee dinge die swak plekke van ons kerklike lewe is.

Daar moet meer onderlinge gemeenskapsbeoefening onder ons mense wees.

Om mekaar alleen op Sondag by die Kerk te ontmoet is nie voldoende nie. Die Skrif lê ook die nadruk op gemeenskapsbeoefening in die week en in ons huise met mekaar (Handelinge 2 : 44 en 46).

Ons moet daar vorme voor soek.

Daar is die moontlikheid om in die week byeen te kom om met mekaar die Woord van die Here te ondersoek (1 Kor. 14 : 26).

Gemeenskap is daar ook deur met mekaar te arbei in die Koninkryk van die Here deur sending en evangelisasie.

Vir 'n lewende en bloeiende Kerk is ook onmisbaar die gebedslewe van die gelowiges.

Die groot krag in die Koninkryk van die hemele is die gebed. Alle geestelike arbeid moet rus op die skouers van die gebed.

Daar moet 'n volharding in die gebed wees sowel in die persoonlike lewe as ook gemeenskaplik.

Ook daar sal ons bybelse norme voor moet vind.

Dit is duidelik: as daar by ons die viervoudige volharding is dan sal die Here ons gemeente ryklik seën.

Ons kan dit lees in Hand. 2 : 47.

„En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is".

Deur die viervoudige volharding sal ons 'n lewende en 'n werwende Kerk wees.

„Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry." (Lukas 21 : 19).

(Oorgeneem uit Ons Gemeenteblad,
Louis Trichardt).

---

# IETS OOR DIE SENDINGWERK VAN BR. J. P. L. VAN DER WALT (OOM HANNES), VAN DE HOOP

Ds. Ph. C. Snyman

'N ARBEID IN DIE STILTE.

Die bedoeling is nie om hier 'n opsomming van dade te gee nie maar liewer om enkele uitmuntende eienskappe te noem waaraan die werk van „die Van der Walts" geken kan word en behoort onthou te word vir almal wat saam met hulle werk en ná hulle sal kom.

Die sendingstasie De Hoop, waar hierdie twee volhardende werkers met hulle groot bydrae tot die uitbreiding van Gods Koninkryk besig is, lê aan 'n sytak (Tshikali genoem) van die Klein-Letabarivier net waar 'n mens van die Platorand afgaan, ongeveer 30 myl suid-oos van Louis Trichardt. Die sendingterrein waarvan De Hoop die sentrum vorm sterk hom uit oor die mees noordelike gedeelte van die Laeveld waardeur die Shingwedzi- en Letabariviere stroom, 'n terrein wat doodloop teen die westelike kant van die Kruger-Wildtuin.

Net so stil as die groot Laeveld wat meeste van die tyd in die warm Noord-Transvaalse son lê en bak tussen die groot Mopani's, net so stil werk oom Hannes en die Tannie (soos



ons haar maar noem) van jaar tot jaar voort. In hulle werk word tye en geleenthede gekenmerk deur die aard van hulle jare en van die lang afstande waaroor daar gewerk word. Hoewel in stilte, is hulle werk geensins traag nie maar word volgehou met krag en geloofsdurf wat alleen God aan 'n sendeling kan gee. Daar word dus meer van God en sy werk gesien as van oom Hannes en sy werk.

'N ARBEID IN GEMEENSKAP.

'n Tweede groot kenmerk wat ons wil noem. is die gemeenskaps-trek van hulle werk. Wanneer 'n mens aan De Hoop en die werk. däär, dink, is jy geneig om daaroor heen te kyk en alles as een groot geheel te sien, omdat dit so stilweg geskied. Maar wanneer jy afdaal na De Hoop dan daal jy gaandeweg ook af in die vele besonderhede van hulle werk daar. wat by nader ondersoek as een geheel, pragtig in mekaar sit.

Daar is eerstens die samehang van verhoudinge in die woonhuis, van ouers en kinders, van huismense en bediendes, van húlle met die ander werkers op die sendingstasie. 'n Vlegwerk van verhoudinge is dit wat 'n voorbeeld daarstel vir alle ander sendingsentra, binne en buite ons kerkverband. 'n Mens kan nie help om die samewerking te bewonder nie. En dit is sommer so gewoonweg, ongekunsteld en opreg. Tannie van der Walt dra hiertoe die grootste aandeel by deur haar sterk maar simpatieke leiding. Sy weet ook hoe om beslis te wees en kan ieder en elk binnekort op sy plek sit as dit moet. Nooit het ons nog gewaar dat die simpatieke samehang van verhoudinge ontaard het in sentimentaliteit en oppervlakkigheid nie. Al voel baie van die werkers onder hulle toesig op hulle gemak, sal hulle nooit waag om eiegeregtig te wees nie.

Daar is ook die samehang van verhoudinge tussen oom Hannes-hulle en hulle helpers wat oor die byna 20 sendingposte oor 'n groot

gebied versprei is. Dit kan 'n mens ook bewonder dat mense wat oor so 'n groot gebied moet werk, daarin slaag om so „saam" te werk, so 'n eenheid te bereik. Ons het dikwels daar gehelp en altyd was dit so. Boodskappe dring deur tot aan die uithoeke, bestellings word gemaak ten alle tye van die dag of nag, en nagekom, met doeltreffendheid. In die sending is hierdie faktor een van die belangrikstes onder die belangrikes. Daar moet dissipline wees wat selfs oor lang afstande heen uitgevoer word, anders loop dit mis.

'n Laaste voorbeeld van hierdie arbeid in gemeenskap lê in die verhoudinge wat oom Hannes-hulle handhaaf met die kaptein en hoofmanne, m.a.w. met die owerhede van die Bantoe. Ook hier kan ons sê dat hulle die werk nie alleen probeer doen nie maar 'n hele menigte van mense ingeskakel het in 'n vlegwerk van verhoudinge wat die werk 'n eenheid maak wat maklik verbygesien kan word as 'n mens daarin nie afdaal nie.

'N ARBEID IN VERTROUE.

'n Laaste kenmerk, hoewel daar sekerlik meer gevind kan word maar ter wille van ruimte daargelaat moet word, is die vertroue waarin hulle arbei. Dit kan gesien word in die byna ongelooflike groei wat die gemeente van De Hoop te beurt geval het in die afgelope sewe jaar. Ons was getuie van die helfte hiervan en was by verskillende geleenthede teenwoordig waar oor die honderd mense op een Sondag gedoop is. Die kerk se lidmatetal het gedurende die afgelope twee jaar verdubbel.

Hier is blyke van die beërwing van die beloftes wat God aan sy kerk gegee het toe Hy gesê het: „Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle . . . " (Jos. 1 : 3). En dan het hulle hul hart ook laat sterk wees gedurende al die jare van harde arbeid, en ingegaan in die land van daardie belofte. Soveel barbare het ook onder hulle opsig geërf in die rykdom wat God in die Koninkryk van die Hemele beskikbaar gemaak het. En al hierdie dinge moet nie los gesien word van die vertroue waarmee daar gewerk is nie.

Ons is geneig om die offers wat sendelinge. manne en vroue moet bring, te oordryf omdat onsself weinig offer in die Koninkryk. Soveel as wat hulle ondervind is gawes wat God gee i.p.v. gawes wat aan Hom gebring word. Maar ons dink veral aan die verliese wat hierdie broeder en suster gely het in die dood van hulle kinders. Dae en nagte van smart en weemoed. Ons dink aan ernstige siektes waaraan hulle beide gely het en nog ly. Maar die gees vlam altyd weer hoog op in die vertroue dat God wat geroep het ook getrou is. As jongmense siek is en hulle werk voort, dan loof ons hulle moed. Maar as oumense ly en voortwerk dan dink ons dit hoort maar so. Maar dan oordeel ons as onwetendes en onkundiges.

Hulle werk in vertroue voort, hoewel hulle moeg word en ly. Hulle glo dat God hulle hier gebruik tot uitbreiding van sy Koninkryk omdat Hy sal gee wat Hy beloof het. Ons wil hulle opdra aan dieselfde God en Hom bid dat Hy hulle steeds meer krag mag gee om die arbeid in stilte, in gemeenskap en in vertroue voort te sit tot die aflossing daar is en hulle dan bereik mag maak om met 'n afgelegde diensskof die werk oor te dra aan die wat na hulle sal kom.



# STAAL DEUG VIR ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die* ***deskundige !***



- Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.
- Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.
- Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.



**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**

Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies.


Posbus 17, Industria, JOHANNESBURG.
Tel. 35-5538/9 Telegramme: 'BAKGRIF'

BG 8125

SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE DEUR DIE SINODALE SENDING-DEPUTATE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

JAARGANG 7 — NR. 2.
FEBRUARIE 1964

SOUTH AFRICA
REFERENCE LIBRARY
INSTITUTE OF RACE RELATIONS



# DIE OES

# SENDINGKALENDER

Daar is nog 'n aantal

**SENDINGKALENDERS**

op hande

Kort Skrifgedeeltes in

**4 BANTOETALE**

Bestel vir u huis- en plaasbediendes.

Posbus 20008,

N O O R D B R U G .

# LEKTUUR

| | |
|---|---|
| 1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk | 30c per jaar |
| 2. a. Rugama in Tswana en Sesotho | 30c per jaar |
| b. Rugama in Zoeloe en Xhoxa | 30c per jaar |
| 3. Murumiwa in Vhavenda en Vhatsonga | 30c per jaar |
| 4. Die Oes | 50c per jaar |
| Tumelo ea Bakreste. (Christelike Geloofsleer in Sesotho) deur prof. H. du Plessis | 35c per jaar |
| 1. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sesotho | 1c elk |
| 2. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sesotho | 1c elk |
| 3. Bydraekaarte in Zoeloe en Sesotho | 2c elk |
| 1. Heidelbergse Kategismus in Setswana | 10c elk |
| 2. Heidelbergse Kategismus in Vhavenda | 10c elk |
| 3. Heidelbergse Kategismus in Sesotho | 10c elk |
| 1. Sendingkalender in Zoeloe, Sesotho en Setswana | 10c elk |
| 2. Almanak in Sesotho, Zoeloe en Vhavenda (1964) | 5c elk |
| (Daar is nog eksemplare van 1962 en 1963 Almanake verkrygbaar). | |
| 3. Preekbundel in Zoeloe | 30c elk |
| 4. Preekbundel in Sesotho | 30c elk |

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

# DIE OES


Jaargang 7 — Nr. 2

Februarie 1964

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending — en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), ds. D. C. S. van der Merwe, prof. A. Postma.

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug.
POTCHEFSTROOM.

Intekengeld 50c per jaar,
vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn ses maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olenlaan 11, Potchefstroom

# TEELAARDE VIR DIE KOMMUNISME.

## Anti-Kommunistiese Kongres

Dit is baie betekenisvol dat in hierdie tyd met sy baie verwarringe, krisisse en afval juis die kommunisme as onderwerp vir 'n Afrikaanse Volkskongres gekies is. Is daar nie miskien ander onderwerpe wat geskikter vir 'n volkskongres sou gewees het nie, soos bv. oor die groeiende ontkerstening van die Afrikanerdom of oor wat ons gaan doen om ons rasseprobleme op te los? Dit mag miskien so wees, maar kommunisme is nou eenmaal hiervoor gekies en dit is dan ook inderdaad 'n baie belangrike en aktuele onderwerp.

Hoewel ons nie hou van die woord antikommunisties nie — ons is immers nie antimense nie maar vir Christus — is dit seker nodig dat ons mense op hoogte kom met hierdie so gevaarlike en goddelose beweging.

## VRYHEIDSDRANG EN KOMMUNISME

Nou glo ons nie dat, afgesien van 'n nienoemenswaardige baie klein minderheid, ons blankes vatbaar is of sal wees vir die kommunistiese propaganda nie. Die gevaar lê meer hy ons nie-blankes. Sal hulle beswyk vir hierdie propaganda? Hier sal ons egter baie versigtig moet wees en leer om goed te onderskei. *Dit sou 'n fatale misrekening wees wat ons baie duur te staan sal kom as ons bv. alle vorme van 'n opkomende en groeiende vryheidsdrang by die nie-blankes aan kommunistiese invloed wil toeskryf.* Die vryheidsdrang kan in verkeerde bane gelei word en die kommunisme kan daarvan vir sy doeleindes gebruik maak, maar sodanige begeerte na vryheid is algemeen menslik en dit kan nie as sodanig afgekeur word nie. Daar kan wel ook 'n verkeerde, 'n sondige vryheid nagejaag word, maar vryheid as sodanig is 'n goeie Bybelse begrip. Alle volke wil graag vry wees, so het die Here dit in die hart van elke volk gelê. Ons self moes baie jare en met groot opofferinge vir ons eie vryheid stry. Ons kan dus nie aanneem dat die nieblankes van Suid-Afrika die enigste bevolkingsgroepe in die wêreld is wat vir altyd proletariërs van die blankes sal wil bly nie. Dit is heeltemal 'n anagronisme as ons meen dat ten spyte van revolusionêre veranderinge by byna alle nie-blanke volke en 'n revolusie waarby die Franse Revolusie kinderspeletjies was, die nie-blankes van ons land onder dit alles nog steeds dieselfde gebly het en geen die minste begeerte het om ook vry te word nie.

As ons nie hiermee rekening hou nie en selfs so ver gaan om alle gesonde vryheidsuitinge by die nie-blankes te onderdruk. maak ons die deure wyd oop vir die kommunistiese gevaar, maak ons ons poorte oop vir 'n Trojaanse perd. Dan is ons self aanleiding daartoe as kommunistiese propaganda

by die nie-blankes ingang vind. *Kommunisme vind immers alleen daar ingang waar groot armoede of onderdrukking heers of waar 'n volk se vryheid aan bande gelê word.* Dit is die teelaarde van kommunisme. Aan mense wat onder sulke omstandighede verkeer, beloof die kommunisme 'n aardse paradys van welvaart en voorspoed. *Waar sulke toestande heers weet die kommunisme om dit met feitlik bo-menslike vernuf, duiwelse wreedheid en geslepenheid en volhardende opoffering tot die uiterste uit te buit. In* hierdie kuns is hulle onoortreflik.

Daarom is die enigste doeltreffende wapen teen die kommunisme nie in die eerste plek 'n negatiewe bestryding daarvan nie maar positiewe opbouwerk tot goeie rasseverhoudinge langs 'n weg van die verkryging van gesonde vryheidsmoontlikhede en ontwikkeling vir die nie-blankes. Daarvoor moet ons ons inspan en dit van harte en met alle krag bevorder, maar ook die nie-blankes moet leer om die verantwoordelikhede daarvoor te aanvaar en na te kom en daarvoor die nodige offers te bring. Hulle moet deur ons handelwyse en optrede teenoor hulle oortuig word van ons goeie bedoelinge, en wat die Bantoes betref, moet hulle daardeur tot die oortuiging geraak dat, alhoewel hulle nie onmiddellik vry kan wees nie, ons hulle wil help sodat hulle almal gelukkig en tevrede in hulle eie gebiede en in samewerking en die nodige verband met ons so gou moontlik in vryheid kan leef. Dan sal die kommunisme geen gevaar vir ons land inhou nie.

H. d. P.

---

# KLASSIS NATAL

(Nie-Blanke Gemeentes)

Hier volg 'n kort opsomming van die vernaamste verrigtinge van die sitting van die Nie-Blanke Klassis, Natal, te Ethembeni, Kwa-Mashu, op 29 en 30 November 1963.

(a) Afsetting Umf. G. F. Mthiyane: Die klassis het besluit dat deur sy bedanking uit sy amp umf. G. F. Mthiyane oorgegaan het tot 'n ander staat van lewe (Art. 12, K.O.). Nietemin kon die Klassis nie genoë neem hiermee nie, want voordat hy sover gekom het, het hy al misstappe begaan wat hom skuldig gemaak het aan die oortreding van Art. 80 K.O.

b. Beskrywingspunte:

(1) Oor die plek van die sendeling in die nie-blanke kerk: Hy tree op as adviseur by die reeds geïnstitueerde kerke, maar hy het ook die reg en gesag om self voortdurend aandag te skenk aan kerke wat alreeds geïnstitueer is deur die sendingwerk van sy kerk; soos Paulus ook gedurig aandag gegee het aan die reeds gestigte gemeentes.

(2) Oor die besluite van die Geref. Kerk in S.A. oor die selfstandigwording van die nie-blanke kerke: Alle besluite en ooreenkomste wat offisieel geneem en aangegaan is, word deur hierdie Klassis as bindend op homself aanvaar.

c. Kommissies:

(1) 'n Kommissie is benoem om in te gaan op die vraag of die naam van die Kerk in Zoeloe vertaal kan word en indien nie, om 'n algemeen aanvaarbare formulering van die Engelse of Afrikaanse naam in Zoeloe

voor te stel. (Daar is tans verskeie vorme van die naam in gebruik: Isonto laseGereformeerde; Isonto leReformed; Isonto eliReformed, ens. In verband hiermee moet 'n eenvormige formulering kom.)

(2) 'n Kommissie is benoem om in te gaan op die probleem van die kerksang in die Geref. Kerk. Die bestaande sangbundels moet ondersoek word en gepoog moet word om 'n behoorlike Geref. soort van kerksang en -musiek daar te stel.

(3) 'n Kommissie sal ook nuwe Belydeniskaarte en Lidmaatskapskaarte opstel en probeer om dit te laat druk d.m.v. die Kommissie vir Sendinglektuur.

Volgende vergadering: Desember 1965 te Haladu, Nqutu.

— D. C. Coetsee

# SENDINGSAKE OP DIE KLASSISVERGADERING GERMISTON

Op die jongsgehoue Klassis van Germiston het die sendingwerksaamhede in die ressort besondere aandag geniet. In opdrag van die Klassis sal 'n preekbundel in Sotho binnekort die lig sien. Tienduisend eksemplare van preke wat uit „Rukama" oorgedruk word, sal deur die sendende gemeentes versprei word. Verder is besluit om 'n Handleiding vir Ouderlinge (in Sotho) die lig te laat sien, terwyl verskeie pamflette oor aktuele onderwerpe opgestel word. Uit vraelyste wat deur die gemeentes behandel is, blyk 'n mooi vooruitgang in die sendingwerksaamhede.

Wat evangelisasie betref het 'n insiggewende rapport oor die evangelisasiewerksaamhede in die Klassis gedien. Die Klassis het opdrag gegee dat 'n prinsipiële besinning oor die hele aangeleentheid van evangelisasie — sy aard, omvang, metode, noodsaaklikheid en 'n welomskrewe definisie van die voorwerp van evangelisasie asook 'n duidelike onderskeiding tussen sending en evangelisasie — gemaak moet word.

Die Klassis het die Christelike Instituut van Suidelike Afrika deeglik in oënskou geneem en die volgende besluit geneem:

In die Gereformeerde Kerk het dit tot dusver nog nie geblyk dat daar 'n behoefte is aan 'n dieper insig as wat daar van die kansels af en van meerdere vergaderings gegee word nie. Indien daar so 'n behoefte ontstaan, is die weg om dit te bereik die weg van reformasie en nie die weg van so 'n Christelike Instituut nie, wat sterk herinner aan die genootskapsidee van die 18e eeu.

Indien die behoefte by lidmate van ander Kerke bestaan om 'n dieper insig te kry, is dit die weg ook bywyse van reformasie.

Die Klassis het ook besluit om vanaf volgende jaar vier keer per jaar te vergader.

— Ds. C. J. Malan

# 'N NUWE SINODE

Prof. H. du Plessis

*'n Stap van Wêreldbetekenis:*

Waar die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika van 1958 en 1961 die riglyne van eenheid en verskeidenheid t.o.v. die instituering van kerke onder die nie-blanke bevolkingsgroepe gelê het en die verband tussen hierdie kerke en die kerk onder die nie-blankes in hooflyne aangedui het, het die pas afgelope Sinode met algemene stemme die moedige besluit geneem om nou hieraan uitvoering te gee.

*Nasionale Sinodes:*

Voorop staan dat die kerk van Christus nie versplinter en uiteengeskeur mag word nie in van mekaar onafhanklike kerke nie en verder dat, waar aparte gemeentes vir die verskillende etniese groepe wenslik en nodig is, daar dus ook verskillende meerdere vergaderings vir die verskillende groepe moet wees. Sodanige meerdere vergaderings tot op die vlak van nasionale sinodes is dan ook reeds vir die volgende groepe geïnstitueer. (a) die Kleurlinge, (b) die Sotho-Zulu, (c) die Venda-Tsonga.

*Deputatevergaderings:*

Hoe wil die Sinode nou die eenheid tussen die verskillende meerdere vergaderings gestalte laat aanneem? Hoe moet die verband tussen hulle gereël word? Die nie-blankes self het gesmeek dat ons hulle nie moet los nie, en volgens Skrif en belydenis moet daar 'n verband wees, want ons het te doen met die een kerk van die Here onder die verskillende nasies. 'n Eenheid waarmee dus saamgaan verskeidenheid. Die verskeidenheid is vanself daar en kom tot uiting in die verskillende kerkinstitueringe. Wat die eenheid betref, moet dit in die eerste plek gesien word in die onderlinge kontak en korrespondensie en wedersydse raadpleging tussen asook in die nodige samewerking van die kerke. Dit kom in werking deur die deputate van die verskillende vergaderings. Wat ons Algemene Sinode betref, tree die Sinodale Sendingdeputate hiervoor op. Besluite van hierdie deputatevergaderings is onderhewig aan goedkeuring van die vergaderings wat hulle verteenwoordig. Op hierdie wyse gaan die verband deur van die plaaslike kerke onderling tot by die (nasionale) sinodes. Dit sal veral die kerke onder die nie-blankes ten goede kom, want hulle het ons hulp en advies nog baie nodig. Hulle het veral in die begin met ontsaglike probleme te doen.

*Bo-nasionale Sinode:*

Maar die Sinode het gevoel dat om die eenheid verder en sover moontlik in die praktyk te openbaar, meer as net bloot adviserende deputatevergaderings nodig is. Daarom het die Sinode besluit dat daar 'n verdere bonasionale sinode moet wees waarop die afgevaardigdes van die verskillende (nasionale) sinodes byeenkom. Op hierdie vergadering sal dan alleen gemeenskaplike sake t.o.v. die kerke van die betrokke gebiede en bevolkings behandel word. Die Sinode het ook sommer die daad by die woord gevoeg en afgevaardigdes na die eerste nuwe Sinode gekies, waarop, soos die Sinode voorstel, elke (na-

sionale) sinode deur ses afgevaardigdes (drie predikante en drie ouderlinge) verteenwoordig word. Hierdie eerste Sinode moet, nadat die ander (nasionale) sinodes oor bogenoemde sake besluit het, die finale reëlings in verband met hierdie aangeleenthede tref.

Daarna sal in die gewone gang van sake die genoemde deputatevergaderings funksioneer as organisatoriese verbindingskakels tussen die verskillende kerke en dit sal dus nie nodig wees dat die nuwe Sinode dikwels of op gesette tye byeenkom nie.

Daar sal dus die band van die deputatevergaderings asook dié van die nuwe Sinode wees. Intussen bly die band ook bewaar deur middel van die sendingpredikante wat die verskillende vergaderings van hulle ressort gereeld en adviserend bywoon.

*'n Besluit van wêreldbetekenis:*

Ons is innig dankbaar dat die Geref Kerk weer eens getoon het dat dit die nodige geloofsmoed het om, wat dit in belang van die koninkryk van God ag, in gehoorsaamheid aan die Here en in gebondenheid aan die Skrif, ook te help verwesenlik. Hiermee is 'n stap van historiese betekenis geneem. Dit is ons antwoord aan diegene wat veelrassige kerke as die enigste beginsel en reël by ons wil afdwing. Dit is ook ons antwoord aan die Protestante kerke en sendinggenootskappe wat in die reël geen organisatoriese band tussen die „sendende" en die „sendingkerke" handhalf nie, met die gevolg dat die kerk in verskillende van mekaar onafhanklike kerke uiteengeskeur word.

Die Sinode het die Skriftuurlike weg gevolg en die weg aangedui waarlangs sowel aan die verskeidenheids- as aan die eenheidsgedagte reg geskied. Hierdie stap sal nog van wêreldbetekenis in die wêreldsending wees. Dit is ook die oplossing vir die ander kerke by wie daar geen organisatoriese verband met die „jonger" kerke is nie.

As ons maar die Skriftuurlike weg wil volg, dan word alles wondermooi! Dan kry ons gemeentes en meerdere vergaderings onder die nie-blanke nasies wat selfstandig oor hulle eie sake besluit, maar aan die ander kant is daar weer die band en verband van gemeenskaplike beraadslaging en optrede i.v.m. gemeenskaplike sake.


**BYBELS IN BANTOETALE**

@ 70c posvry per eksemplaar

'n Volledige pryslys is op aanvraag verkrygbaar

**„LIFELA TSA SIONE"**

Psalms en liedere in Sotho teen 90c elk.

U adres, óók vir sendinglektuur, is:

**PRO REGE-PERS BEPERK**

Posbus 343 — Telefoon 1164 en 497 — Potchefstroom

# NIE-BLANKE ALMANAK 1964

Die derde uitgawe van die Almanak het aan die begin van die jaar verskyn. Ds. D. C. S. van der Merwe het weer opgetree as redakteur met proff. H. du Plessis, J. H. Coetzee, J. Breed (Zoeloe), mnr. C. J. H. Kruger (Sotho), ds. J. A. van Rooy (Venda), mnr. H. B. v.d. Walt (Sekretaris) as lede van die Redaksie.

Die jongste Almanak het uitgegroei na 36 bladsye. Voorin verskyn besonderhede van sendinglektuur, 'n inleidingsartikel in Afrikaans wat vertaal is in Sotho, Venda en Zoeloe.

Enkele statistieke toon die groei in die nie-blanke kerke:

| Sinode | Kerke | Predikante | Belydende lidmate | Dooplede | Totaal | Huisgesinne | Intekenare Rugama/ Murumiwa/My Volk | Getroud | Dooplede oorlede | Kinders gedoop | Belydende lidmate oorlede | Volwassenes gedoop | Belydenis gedoen | Met attes. vertrek | Met attes. oorgekom | Gemeenskap opgesê | Aangesluit uit ander kerke |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ,Middellande' | 46 | 26 | 7304 | 7470 | 14774 | 3349 | 1536 | 167 | 128 | 1304 | 110 | 257 | 648 | 104 | 157 | 463 | 788 |
| ,Soutpansberg' | 5 | 3 | 1274 | 911 | 2185 | 421 | 1000 | 4 | 6 | 279 | 7 | 474 | 51 | 13 | 32 | 7 | 75 |
| ,Kleurling' | 6 | 4 | 637 | 646 | 1283 | 286 | 152 | 28 | 12 | 108 | 12 | 28 | 88 | 18 | 5 | 1 | 85 |
| Totaal | 57 | 33 | 9215 | 9027 | 18242 | 4056 | 2688 | 199 | 146 | 1691 | 129 | 759 | 787 | 135 | 194 | 471 | 948 |
| Vorige Jaar | 47 | 27 | 7082 | 6940 | 14022 | 3366 | 1792 | 241 | 114 | 1244 | 65 | 505 | 731 | 106 | 111 | 54 | 479 |
| Verskil | +10 | +6 | +2133 | +2087 | +4220 | +690 | +896 | −42 | +32 | +447 | +64 | +254 | +56 | +29 | +83 | +417 | +469 |

'n Uitbreiding van 4220 doop- en belydende lidmate vir die afgelope jaar! Werklik 'n pragtige vordering waarvoor ons die Here opreg dankbaar moet wees. Die aantal kerke het met 10 vermeerder.

Die lys van nie-blanke predikante in bediening is volgens die tyd wat hulle in die bediening is, geplaas, met die jaartalle wat hulle op die verskillende plekke gearbei het.

## Teologiese Skool, Hammanskraal

Prof. L. J. Botha, Rektor van die Teolo-

giese Skool op Hammanskraal skryf soos volg oor die skool:

Die Almanak neem stadigaan sy regmatige plek in onder die nie-blanke kerke.

1. *Dosente:*

Ds. J. L. Helberg het gedurende die afgelope jaar 'n beroep ontvang na Pretoria-Wes. Ons wil hiermee ons dankbaarheid betuig dat hy dit nie aanvaar het nie, maar so gelei was om nog verder aan die skool voort te arbei.

2. *Studente:*

Daar was gedurende hierdie jaar 15 studente aan ons skool ingeskrywe:

| | | |
|---|---|---|
| a | Voorbereidende jaar | 3 |
| b | Eerste Jaar | 2 |
| c | Tweede Jaar | 0 |
| d | Derde Jaar | 5 |
| e | Vierde Jaar | 5 |

Aangesien daar aan die einde van 1962 'n besonder groot klas (8) afstudeer het, het ons getalle aansienlik gekrimp. Verder voel ons nog steeds die uitwerking van die verhoogde toelatingsvereistes wat die getalle betref. Daar is egter vanjaar al een student meer tot die voorbereidende jaar toegelaat as in die vorige jaar.

3 *Studie:*

Oor die algemeen werk ons studente hard en vorder hulle goed met die studies. Teen die einde van 1962 het daar vir die eerste keer in die skool se geskiedenis twee studente in die vierde jaar met hoogste lof geslaag. Verder blyk dit ook dat die voorbereidende jaar wat ingestel is, mooi vrugte afwerp.

4. *Preekkolleges:*

Die skool beskik ook nou oor 'n bandopname masjien wat baie nuttig gebruik word met die preekkolleges. Studente word nou instaat gestel om self weer na hul eie voordrag te luister.

5. *Terrein en Geboue:*

Die personeel en studente is nog steeds gelukkig gehuisves in die doeltreffende skoolgebou wat seker nog vir baie jare goeie diens behoort te doen.

Na twee mislukte pogings is daar eindelik met 'n derde poging redelike sterk water raakgeboor. Die nodige installasies is reeds gemaak sodat die gebou sowel as die terrein van genoegsame water voorsien kan word.

6. *Rektor:*

Aangesien die ampstermyn van die huidige Rektor aan die einde van hierdie jaar verstryk, sal die Kuratorium weer 'n Rektor vir die volgende drie jaar moet aanwys.

7. *Slot:*

Terwyl daar oral in die wêreld en ook in Afrika storms opsteek, kon ons onder die seënende hand van die Here gedurende die afgelope jaar rustig besig wees met die groot en heerlike werk wat aan ons opgedra is. Ons bede is dat die Here ook nog in die jare wat kom die geleentheid mag skenk tot opbouing en uitbreiding van Sy Koninkryk.

Die Almanak word afgesluit met besonderhede oor die studente en 'n foto van die 5 studente wat hulle studies voltooi het.

★ Die Almanak neem stadigaan sy regmatige plek in onder die nie-blanke kerke.

Aanvanklik was daar maar 'n geringe aanvraag en belangstelling maar die aanvraag styg jaarliks en dit word voorsien dat dit binne afsienbare tyd dieselfde plek sal inneem as die Almanak vir ons blanke kerke.

— H. B. v.d. Walt.

## NUWE KERKGEBOU THABA NCHU

Dit is met innige dankbaarheid teenoor die Here vir ryke seëninge ontvang dat die Geref. Kerk Makwena gedurende die naweek van 20-21 September 1963 hul eerste **kerkgebou ingebruik kon neem.**

'n Feesprogram is by hierdie geleentheid afgehandel terwyl die sakramente ook Sondag in die gemeente bedien is. Mor. N. Bahlako van Thabong, Welkom het al die verrigtinge gelei.

Van die Geref. Kerk Bethlehem is met dank 'n preekstoel ontvang. Die ou banke van die Geref. Kerk Thaba Nchu is teen 'n minimale koste aangekoop.

Goeie wense is oorgedra deur die plaaslike sendende kerk en die sendingdeputate van die Klassis Ladybrand.

Hoewel die kerkgebou 'n tydelike staalkonstruksie is omdat die hele reservaat herbeplan word, is hiermee aan 'n groot en lang gevoelde behoefte voldoen.

— T. F. Liebenberg.



# NUUSFLITSE

In die uitvoering van 'n opdrag van die Sinode het die Deputate vir Sending- en Nasorglektuur die vier sendingblaaie in Bantoe-tale van mekaar geskei en dit onder die sorg van die volgende redaksies geplaas:

1. *Rugama in Sotho en Tswana:* Ds. Johan Coetzee (redakteur), brs. C. J. H. Kruger en J. A. du Plessis.

2. *Rugama in Zoeloe en Xhosa:* Ds. D. C. Coetsee (redakteur), ds. Johan Britz en prof. J. Breed.

3. *Murumiwa in Venda*: Ds. J. A. van Rooy (redakteur), di. L. Floor en Ph. Snyman.

4. *Murumiwa in Tsonga:* Ds. J. L. Aucamp (redakteur).

Die redaksies sal ook gebruik maak van Bantoe-redaksielede.

★ 'n Nuwe kombinasie tussen die kerke van Pietersburg, Laeveld en Potgietersrus is aangegaan en ds. A. L. Aucamp sal nou sendingleraar van die drie gemeentes wees.

★ 'n Aantal in Sotho berymde psalms is opgedra aan 'n kommissie wat geskikte melodieë daarvoor moet vind.

Daar is reeds 'n aantal in Zoeloe vertaal en aangepas by die Afrikaanse psalmboek se melodieë.

★ Onlangs is 'n nuwe kerkgebou op Makwena naby Thaba Nchu in gebruik geneem.

★ Die onlangse Sinode het besluit om die ampstitel van die dosente op Hammanskraal te verander na die van professor.

Professor J. L. Helberg sal vir die komende drie jaar as rektor van die Teologiese Skool te Hammanskraal optree.

Daar word oorweeg om 'n derde dosent by die skool aan te stel.

★ Waar daar enkele jare gelede maar 'n paar uur nodig was vir die Sendingverslag en bespreking voor die Sinode het dit op die jongste Sinode byna twee dae geneem. Die verslag oor dié aangeleentheid het meer as 80 bladsye van die Sinode se agenda beslaan.

★ Die Sinode het ds. A. Sliep van die „Free Church of Scotland", wat sending doen in die Transkei, uitgenooi om die vergadering by te woon as waarnemer. Die Gereformeerde kerk staan in enger korrespondensie met hierdie kerk.

★ Die sending het nou vaste vorm in Suid-Rhodesië aangeneem. In die omgewing van Karoi en Urungwe word nou gereeld erediensté gehou en nagmaal bedien.

In die Urungwe-reservaat word twee kerkgeboue opgerig en 'n derde beoog by Kyogle.

Die uitbreiding is sodanig dat die sendingkommissie berig dat alle pligte nie na behore vervul kan word nie.

★ Die eerste nie-blanke klassis het op Ethembeni naby Durban plaasgevind. Die volle moderamen was nie-blankes met ds. A. J. Dhlamini as voorsitter.

★ Nagenoeg R1,500.00 se Bybels en Christelike leesstof is die afgelope jaar op die Johannesburgse stasie verkoop aan Bantoes.

Die verkope word gedoen deur 'n Bantoe, David, wat vir die doel 'n stootkar gebruik. Op dié deel van die stasie beweeg daar daagliks duisende Bantoes. Die organisasie staan onder die bestuur van die Christelike Boekwinkel wat op 'n nie-winsgewende basis die boeke versprei.

— H. B. van der Walt.

# SENDINGVELDTOG TE MAULUMA, SOUTPANSBERG

*Ds. Ph. C. Snyman*

*Ons bedoeling.* Hierdie was die tweede sendingveldtog van al ons sendelinge en helpers in Soutpansberg en is gehou vanaf 19 tot 25 Augustus te Mauluma in die sendinggebied van krokodilrivier, Rustenburg en Louis Trichardt.

Ons bedoeling met hierdie veldtogte is soos volg: In die gewone gang van ons sendingwerk werk ons met helpers uit hierdie volk wat op poste geplaas word waar hulle die Evangelie aan die heidene verkondig en dooponderrig gee aan die bekeerdes. Nou gebeur dit dikwels dat die teenstand van die heidendom op so 'n plek hardnekkig is en dat die helper altyd groter probleme ondervind in sy werk. Buitengewone omstandighede moet met buitengewone krag aangepak word en hierdie buitengewone krag soek ons in samewerking; samewerking van alle sendelinge en alle helpers word aan hierdie helper verleen. Hierdie samewerking laat ons die vorm aanneem van 'n veldtog met deeglike voorbereiding en ook met goeie nasorg.

Ons lees in Matt. 10 van 'n soortgelyke saak wat ons die gedagte gegee het om sulke veldtogte te hou. Daar staan in vs. 1 dat Jesus sy twaalf dissipels geroep en aan hulle mag gegee het oor onreine geeste en hulle daarna uitgestuur het. Die mag van die Satan is op die sendingveld onder heidene waarneembaar as 'n geestelike mag wat aangeval en bestry kan word. Hierdie bestryding moet ordelik en strategies goed beplan wees omdat dit oorlogvoering is. Dit bring ons by die veldtog van die Evangelie teen die bose magte van die wêreld.

*Ons Metode:* Die gebruik is om so 'n veldtog van stapel te stuur vanuit die kaptein of hoofman se stat. Sy toestemming word verkry vir so 'n handeling in sy gebied en dan word met al die helpers byeen gekom in die stat van die hoofman. So is Maandagaand 19 Augustus byeengekom in die stat van hoofman Ravele, 'n Christen en lidmaat van die Lutherse kerk. hoewel hy vir jare daardie kerk nie meer bygewoon het nie.

Dan word die helpers en sendelinge uitgestuur onder die prediking van die Woord, terwyl die diens ook bygewoon word deur die hoofman self tesame met sy huispersoneel en ook ander besoekers. Hierdie keer is die uitsending gedoen op grond van Jos. 18:3 — ..Toe sê Josua aan die kinders van Israel: Hoe lank sal julle jul so traag hou om die land in besit te gaan neem wat die Here, die God van julle vaders, aan julle gegee het?"

Op die uitsending volg die indeling van die werkspanne, twee aan twee, gewoonlik 'n ouer helper saam met 'n jonger een, ter wille van die ondervinding van die ouer een waaruit die jonger een kan put. Hulle kry ook 'n sekere aantal statte wat hulle moet besoek waar hulle moet gaan preek. Daarna moet hulle by die inwoners verneem of hulle 'n tweede besoek sal verwelkom. in welke geval die name van die inwoners dan geneem word.

Aan die einde van die eerste dag, in die

aand, word weer by die kaptein se stat byeengekom vir 'n diens en daarna word die name afgeneem van die mense wat 'n tweede besoek aangevra het. Nou word aan die helpers voorligting gegee i.v.m. die tweede besoek en indien daar tekens van bekering aanwesig was, word hulle ingelig i.v.m. die nasorg.

So is ook die tweede aand hierdie keer byeengekom en is tekens gevind van die goeie resultate van die uitsending. Maar daar is gevind dat daar nie eenvormigheid onder die helpers is nie. So is toe weer adviese gegee en Japie Molefe het die Woord verkondig uit Jona 3 : 6 10. Ds. L. Floor het die aanwesiges toegespreek oor die gebed en daarop gewys dat met die gebed erken word dat Christus regeer en woon in 'n tempel wat nie met hande gemaak is nie. Soos Hy in die hemel sit aan die regterhand van die Vader, moet Hy ook heers in die harte van sy volk. Nou het die helpers begin met die nasorg en die wat glo, gewys op die noodsaaklikheid van die gebed in die lewe van 'n gelowige.

Elke aand word voortgegaan met 'n diens en daarna die opskrywe van nuwe name en die bespreking van nuwe probleme. Die eerste aand was daar, saam met die 36 helpers en 4 sendelinge en 2 nie-blanke predikante, omtrent 100 aanwesiges. Die getal het elke aand aangegroei tot Sondag 25 Augustus toe daar nie minder as 300 was nie. Die name het ook van 'n enkele tiental aangegroei tot omtrent sestig.

*Ons krag.*

Daar is besef dat hierdie arbeid tevergeefs sal wees sonder ernstige gebed en smeking. Daarom is van die veldtog afgekondig oor die radio, 'n week vooraf, sodat die voorbidding van die gemeentes van ons kerk verkry kon word. Twee weke voor die veldtog is 'n diens te Mauluma gehou waar die lidmate wat daar reeds was (omtrent 20) gevra is om voorbidding te doen met die oog op die werk. Op Sondag 18 Augustus is 'n telegram van die gemeente Krokodilrivier voorgelees waarin hulle as volg berig het: Die veldtog van die Evangelie is onweerstaanbaar, II Kor. 10 : 4, 5. Ons bid u krag toe vir hierdie groot onderneming, Ps. 134 : 3. Dieselfde Sondag is op 'n gemeentevergadering te Louis Trichardt 'n mosie aangeneem wat voorbidding vir die veldtog verseker.

Hier is 'n besef dat die veldtog nie op die skouers van die deelnemers gerus het nie maar gedra is op die skouers van die gebed. Dit het een van die helpers na die veldtog gesê. Ons het die gevoel gehad dat daar alreeds gewerk is voordat ons daar aangekom het. Dit was opmerklik, dit was duidelik dat die HERE die gebede van die kerk verhoor het. Die veldtog was geslaagd, die arbeiders was een van hart en sin, die tekens was daar van bekering en gehoorsaamheid aan God se Woord. Twee kapteins het versoek om opgeneem te word as lidmate van die kerk; een van die twee was nog nie gedoop nie en wil eers die dooponderrig deurmaak. Hy is reeds by die 80 jaar oud.

*Ons blydskap.*

Wat kan groter blydskap in die lewe van die gelowige bring as dat daar gehoorsaamheid aan die Woord van God betoon word? Dit is ook ons blydskap in hierdie dae. Dit lê in die eendragtigheid waarmee daar opgetree en gewerk is. Dit lê in die moedigheid waarmee die manne telkens uitgetrek het om selfs langs

moeilike weë en oor die berge heen te stap, dit lê in die heerlike samekomste saans onder die blote hemel, die sang tot eer van God, die prediking van die helpers, die gebed tot in die nagte.

Dit lê ook in die ondervinding dat God werk deur sy Woord en deur sy Heilige Gees. God tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge en in Christus het ons 'n voorbidding by die troon van die Vader. Dit lê ook in die blyke van bekering uit die heidendom. Daar was werklik tekens van 'n kragtige breuk met 'n hele lewe van ongeloof en boosheid. Hierdie tekens van Gods werk bring 'n ootmoedige blydskap in die harte van die werkers en maak dat daar 'n diepe besef groei van God se heiligheid. In die voorligting wat aan die helpers tydens die veldtogte gegee word, word ook rekening gehou met die lewe van die manne en nie alleen met die eise wat aan die leer gestel word nie. Wie die Woord van God verkondig moet werklik self bekeer wees en die wil van God in blydskap naleef.

(Oorgeneem uit Die Seringboom, Gemeenteblad. Geref. Kerk, Rustenburg)

---

# PROBLEME VAN DIE INDONESIESE KERKE

Hieroor het dr. J. C. Gilhuis 'n verhandeling geskryf onder die titel: „Ecclesiocentrische aspecten van het Zendingswerk", waarin hy in die besonder die ontwikkeling in sake die gereformeerde sending op Midde-Java bestudeer

Toe die Japanners enige jare Indonesië beset het, was die verbinding met Nederland geheel afgesny: 'n groot aantal Nederlandse sendelinge is geïnterneer, die vernaamste bron van ondersteuning van die sendingswerk is afgesny, en die verantwoordelikheid en bestuur van die verskillende gereformeerde gemeentes op Java het op die inlandse predikante en kerkrade geval. Hulle het egter nie stilgesit nie, en in die besettingstyd is 17 Javaanse studente tot die predikamp bevestig.

Na die bevryding is die band met die Nederlandse kerke herstel, maar die leiding het tans by die inlandse kerke berus, maar gekoordineer met die kerke in Nederland. Die Javaanse kerke kon onmoontlik sonder die finansiële steun van Nederland klaar kom nie. Die taak van Nederland op sendinggebied, vir sover dit Indonesië betref, was nog nie beëindig nie. Na die bevryding het nog verskeie Nederlandse predikante die kerke op Midde-Java bedien, vernaamlik om onder die heidene te arbei, terwyl die bestaande gemeentes deur Javaanse predikante bedien is.

Volgens ds. Bakker moet die selfstandigwordende kerk hom stip hou aan die volgende dinge:

1e Goeie Bybelkennis deur bestudering van die H. Skrif, kennis van die Belydenis, soos vervat in die Heidelbergse Kategismus. Dit kan later uitgebrei word in verband met plaaslike probleme.

2e Die kerke sal nog voorlopig steun uit Nederland kry.

3e Die ekumeniese aspek: die verhouding en samewerking met ander kerke, wat 'n ander belydenis het.

4e Die kerklidmate moet besef dat hulle as deel van die volk ook deel moet neem in die nasionale lewe en daar hul lig moet laat skyn. Die gevaar moet vermy word van vermenging of gedeeltelike aanneem van ou begrippe uit die heidendom.

Wat moet die belydenis van die jong kerke wees?

Die Lutherse kerk in Indië het 'n belydenis opgestel, in ooreenstemming met die ou Lutherse belydenis, terwyl die Battakkerk op Sumatra, wat deur die arbeid van sendeling Nommensen en ander tot groot bloei gekom het, ook 'n eie belydenis opgestel het. Dit was noodsaaklik, aangesien in die laaste tyd baie dwaalleraars, Adventiste, Roomkatolieke en geesdrywers die jong gemeente aanval en probeer van hulle kerk aftroggel.

Bowendien het die kerk te stry teen allerlei gebruike, aan die ou heidendom ontleen.

Die Javaanse kerke moet stry teen die Islam, teosofie, sinkretisme en die kommunisme.

In ons land met sy honderde kerke en sektes onder die naturelle, wat almal in naam christelik is, maar waarin oorblyfsels van die heidendom met sy aanbidding van die voorouers se geeste en ander bygeloof nog so dikwels voorkom, is 'n ekumeniese kongres van groot nut vir die bespreking van Bybelse vraagstukke, die handhawing van die belydenis en bevordering van die eenheid van die gelowiges in Christus.

Wat die belydenis betref, het elke periode van die wêreldgeskiedenis sy eie stryd en dus sy eie taak. Die Nederlandse Geloofsbelydenis is opgestel ter bestryding van die Roomse en Remonstrantse dwalinge.

In die teenwoordige tyd word die kerk van Christus op ander wyse aangeval. Nuwe dwalinge en rewolusionêre strominge hou ons besig, terwyl die Bantoe-Christene nog met oorblyfsels uit die heidendom te kamp het. Heel moontlik sal dit nog tot uitbreiding van die belydenis lei.

W. HOVY





# STAAL DEUG VIR ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die* ***deskundige!***



- ▶ Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.
- ▶ Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.
- ▶ Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.



**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**

Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksles.


Posbus 17, Industria, JOHANNESBURG.
Tel. 35-5538/9 Telegramme: 'BAKGRIF'

BG 8125

SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE
DEUR DIE SINODALE SENDING-
DEPUTATE VAN DIE GEREFOR-
MEERDE KERK

JAARGANG 7 — NR. 3.
JUNIE 1964

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY



# DIE OES

# SENDINGKALENDER

Daar is nog 'n aantal teen 10c elk.

**SENDINGKALENDERS**

op hande

Kort Skrifgedeeltes in

**4 BANTOETALE**

Bestel vir u huis- en plaasbediendes.

Posbus 20008,

NOORDBRUG.

# LEKTUUR

1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk 30c per jaar
2. a. Rugama in Tswana en Sesotho 30c per jaar
   b. Rugama in Zoeloe en Xhoxa 30c per jaar
3. Murumiwa in Venda en Tsonga 30c per jaar
4. Die Oes 50c per jaar

Tumelo ea Bakreste.
(Christelike Geloofsleer in Sesotho) deur prof. H. du Plessis 35c per jaar

5. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sesotho 1c elk
6. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sesotho 1c elk
7. Bydraekaarte in Zoeloe en Sesotho 2c elk
8. Heidelbergse Kategismus in Setswana 10c elk
9. Heidelbergse Kategismus in Venda 10c elk
10. Heidelbergse Kategismus in Sesotho 10c elk
11. Sendingkalender in Zoeloe, Sesotho en Setswana 10c elk
12. Almanak is Sesotho, Zoeloe en Venda (1964) 5c elk
    (Daar is nog eksemplare van 1962 en 1963 Almanake verkrygbaar).
13. Preekbundel in Zoeloe 30c elk
14. Preekbundel in Sesotho 30c elk
15. Formuliere in Sotho

Bestel by:
Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
**Posbus 20008,**
Pk. NOORDBRUG.




# DIE OES

Jaargang 7 — Nr. 3.
Junie 1964

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending — en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), ds. D. C. S. van der Merwe, prof. A. Postma.

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug.
POTCHEFSTROOM.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn ses maal per jaar

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom

**Redaksioneel.**

# DIE SENDING EN DIE KRISIS VAN DIE NIE-CHRISTELIKE GODSDIENSTE

**Die krisis van die nie-Christelike godsdienste.**

Ons het al daaraan gewoond geword om te hoor dat die Christendom in hierdie nuwe tyd in 'n krisis verkeer, maar het ons al daaraan gedink dat die nie-Christelike godsdienste in 'n nog groter krisis gewerp is? Om nog van lewende betekenis te wees moet hierdie godsdienste aanpas by die vreemde inwerkinge van die oral deurdringende Westerse beskawing met sy nasionalisme, demokrasie, sosiale geregtigheid, welvaartstaat, tegnologie, kuns, wentenskap en onderwys; met sy sekularisme en materialisme.

Al hierdie dinge het merkbare invloede op die nie-Westerse wêreld en byna alles staan lynreg teenoor die nie-Christelike kulture, teenoor die sosiale, politieke en ekonomiese organisasies, verhoudinge en opvattinge asook teenoor die nie-Christelike godsdienste. Dit is alles vrugte van die boom wat op Christelike bodem geplant is en daarop groot geword het, en die Christelike stempel daarvan, kan, al het dit in 'n groot mate in 'n antitetiese sin omgeslaan, nie weggeredeneer word nie.

Die krisis van die nie-Christelike godsdienste is daarin geleë dat, terwyl die nie-Westerse volke al in verskillende van bogenoemde opsigte diepgaande invloede ondergaan het en die politieke leiers van byna al hierdie volke die Westerse patroon insake die vereistes vir 'n moderne staat vir hulle respektiewelike lande voorstaan, hulle aan die ander kant weer besef dat as alles klakkeloos oorgeneem word, hulle niks van hulle eie oorhou.

Op hierdie manier verloor die volke hulle eie siel en ook alle selfrespek en beland hulle geestelik in 'n vakuum, 'n niemandsland. Daarom word daar andersyds weer gesoek na wat in hulle eie kultuur en godsdiens as basis kan dien vir die nuwe. Hulle eie geskiedenis, kultuur en godsdiens word geïdealiseer en daar word ook kragtige pogings in die werk gestel om dit te hervorm en tot nuwe lewe te bring. Dit gebeur veral in die Ooste. Hier word al die ellende en agterlikheid van hierdie volke gewyt aan die materialisme en die kolonialisme van die Weste, en daar word soms selfs aangevoer dat die nie-Christelike beskawings en godsdienste vér bo die Westerse beskawing en die Christendom verhewe is. Terwyl daar in die verlede 'n ontwrigtende uitwerking van die Westerse beskawing op die Ooste was en dit reeds geblyk het dat die Christendom 'n mis-

lukking sou wees en geen wêreldvrede en goeie rasseverhoudinge sou kan verseker nie, moet daar nou 'n geestelike penetrasie in omgekeerde rigting plaasvind. Daar moet nou 'n sendingveldtog vanuit die Ooste na die Weste begin word. Die hoop, lig en vrede van die wêreld moet uit die Ooste kom.

Dit is baie hoë verwagtinge wat moeilik verwesenlik kan word. Sal die nuwe wat so direk teen die oue ingaan deur die oue gedra kan word en kan die laaste die geestelike grondslag van die nuwe vorm? Dit wil voorkom of probeer word om 'n nuwe lap op 'n ou kledingstuk te lap. Hoe kan die wêreldontvlugtende Hindoeïsme en Boeddhisme en die vir soveel eeue bevrieste teokrasie-gedagte van die Islam die fondament vorm van 'n moderne staat? Die werklike ontwikkeling gaan dan ook eerder in die rigting van die skeiding tussen staat en godsdiens sodat die godsdiens uiteindelik 'n private saak word. Die Ooste kan hierdie krisis nie ontloop nie. Die krisis is reeds daar en dit word deur vooraanstaande leiers besef. Daar word gesoek en geworstel na uitweë, daar ontstaan geweldige spanninge. Die Oosterse volkerewêreld is soos 'n boot wat op 'n stormagtige see heen en weer geslinger word.

**Die Sending en hierdie krisis.**

Daar is selfs tekens dat weer geluisster word na wat die Christendom in hierdie krisis kan aanbied. Daar is nou nie meer dieselfde geslotenheid teenoor die Christendom soos dit in die verlede die geval was. Daar vind 'n ontmoeting van godsdienste plaas. Daar ontstaan gespreksgeleenthede. Die gelowige volk van God mag hulle nie van hierdie soekende wêreld onttrek nie. Die Woord van God het die verlossende woord van hoop en lig in hierdie krisis en daar is nou meer as ooit te vore die geleentheid vir die Christendom om die koninkryk van God onder hierdie volkere tot openbaring te laat kom.

Ons vrees egter dat die Christendom nie goed voorberei is vir hierdie grootse taak nie. Terwyl die Islam, die Hindoeïsme die Boeddhisme in die verlede eintlik nooit werklik en wesentlik met die Woord van God gekonfronteer is nie, is daar gevolglik onder die aanhangers van hierdie godsdienste baie min vordering met die sending gemaak en is die suksesse wat die sending kon boekstaaf feitlik alleen beperk tot die aanhangers van die meer primitiewe godsdienste. Die boodskap van die Woord van God is in 'n groot mate versmal tot 'n piëtistiese eensydigheid, die kerk het groteliks tot 'n volksvreemde instelling ontaard en die godsdienste is nie op die regte manier benader nie. Daarom was daar nog nie 'n ware konfrontering van hierdie godsdienste moontlik nie en daarom is die Christendom vandag nog nie goed voorberei vir hierdie taak wat nou met alle krag aangepak moet word. Gelukkig word hierdie gebreke in die Protestantse sending vandag byna algemeen besef en die benaderingsvraagstuk word ywerig bestudeer. Daar het reeds enkele waardevolle studies hieroor verskyn waarvan ons deeklik kennis behoort te neem.

H. d. P.

# DIE DEPUTATE VIR SENDINGLEKTUUR

Om aan die nie-blankes in hul eie taal leesstof te verskaf sowel as die vertaling van die Formuliere, Psalms ens., waar te neem het die Sinode aan die begin van die jaar op aanbeveling van die Deputate vir Sending, besluit om 'n nuwe groep Deputate te benoem.

Die Deputaatskap staan bekend as die Deputate vir Sending- en Nasorglektuur. Die deputate is proff. L. J. Botha, J. Breed, di D. C. S. van der Merwe, J. A. van Rooy, P. J. Coetzee, brs. L. J. Kruger en H. B. van der Walt, met prof. H. du Plessis as adviseur. Prof. L. J. Botha is gekies as voorsitter met mnr. H. B. van der Walt as skriba.

Om uitvoering te gee aan die Sinode se besluite is die redaksies van die verskillende blaaie uitgebrei en is die volgende persone op die redaksies benoem:

1. Die Oes: Prof. H. du Plessis — hoofredakteur, prof. A. Postma, ds. D. C. S. van der Merwe en br. H. B van der Walt.
2. Rugama in Tswana en Sotho: Ds. P. J. Coetzee — redakteur, brs. C. J. H. Kruger en J. A. du Plessis.
3. Rugama in Zoeloe en Xhosa: Ds. D. C. Coetsee — redakteur, ds. Johan Britz en prof. J. Breed.
4. Murumiwa in Venda: Ds. J. A. van Rooy — redakteur, di. L. Floor en Ph. Snyman.
5. Murumiwa in Tsonga: Ds. J. L. Aucamp — redakteur met die reg om te koöpteer.
6. My Volk (Kerkblad vir die Kleurlinge): Ds. Jac. van Rooy — redakteur, di A. Lakay en J. W. Matthysen.
7. Die Almanak: Ds. D. C. S. van der Merwe — redakteur, proff. H. du Plessis, J. H. Coetzee, J. Breed, br. C. J. H. Kruger, ds. J. A. van Rooy en br. H. B. van der Walt, skriba.

Die Deputate het verskeie vertalingskommissies benoem om o.a. te werk aan die vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere. Hoewel daar nog nie veel vordering gemaak is wat die Belydenisskrifte betref nie kan daar reeds van vordering by ander vertalings getuig word aangesien die Formuliere in Sotho vertaal en uitgegee is en die Formuliere in Tswana ook gereed is om gedruk te word. Aan die ander vertalings word nog gewerk.

Die goedkeuring van die Sinode om in samewerking met die Universiteit en die Deputate vir Sending 'n nie-blanke klerk aan te stel, was 'n wyse besluit.

Aan teologiese student J. 'Khama is die pos aangebied wat hy aanvaar het. In Maart het hy reeds met die werksaamhede begin.

Vertaalwerk wat reeds etlike maande behalwe vir die finale afrondingswerk gereed was, word nou vinnig deur hom afgehandel. Verder is dit nou ook moontlik om met nie-blanke kerkrade in hulle eie taal korrespondensie te voer.

Met hierdie aanstelling is dit ook moontlik om met 'n vinniger tempo aan die nie-blankes die regte leesstof in hulle

eie taal te gee sodat hulle ook daardeur Gods Woord beter kan verstaan en hul kennis uitbrei om dit ook verder te kan uitdra.

Die opdrag van die Sinode dat die Deputate vir Sending- en Nasorglektuur aandag moet gee aan lektuur oor Mohammedanisme, Hindoeïsme en Boeddhisme word opgevolg en die prodruk van die werk sal hopelik eersdaags — al is dit net 'n gedeelte daarvan — beskikbaar wees.

H. B. v.d. Walt.

---

# WAT DOEN U?

Oor die dringende noodsaaklikheid van sending bestaan by ons seker nie meer twyfel nie. Die opdrag van die Here aan sy Kerk en aan elkeen in die amp van die gelowige is duidelik. Die Evangelie moet uitgedra word tot alle volke sodat die volle getal uitverkorenes ingesamel kan word. Dit is 'n roeping, 'n taak vir elkeen wat die verskyning van Jesus Christus liefhet en wat veral met dringende erns spreek tot ons in donker Afrika met sy miljoene heidene rondom ons. Daarom is dit nogal 'n uiters belangrike vraag: wat doen u? En veral wat doen u t.o.v. die bediende wat elke dag onder u dak verkeer? Hierdie vraag eis van elkeen van ons 'n antwoord, nie net met woorde nie, maar ook met dade.

Dink ons nie te veel aan sending sonder om ons daadwerklike belangstelling en aksie daarin te betrek nie? Solank daar maar net in die lokasie of naturellereserwe gepreek en getuig word, is dit genoeg. Solank die Kerkraad maar net van tyd tot tyd hieraan aandag gee, is dit voldoende. Solank die kommissie of deputate vir sending maar net aktief is en die belange daarvan behartig, is alles wel in orde. Meen ons nie dikwels dat ons taak hiermee afgehandel is nie? Nee, u taak is nie hiermee afgehandel nie. Wat o.a. van u bediende wat oor u drumpel stap? Wat van die wit of swart heiden met wie u saamwerk?

Ons vaders en moeders het hierdie taak besonder ernstig opgeneem. Hulle het o.a. die bediende in die huisgodsdiens betrek en onderrig uit die Woord van God. Met die sentrale Christelike beginsels van liefde en regverdigheid is die bediende behandel wat wedersydse liefde en respek afgedwing het. Op ons boereplase het bediendes vir jare by die oubaas en ounooi gewoon. Daar is seker vandag nog sulke gevalle. Die kind is is geleer om die bediende met eerbied en hoflikheid te behandel. Wat was dit anders as 'n stille deurwerking van die gestalte van Christus die Saligmaker, geopenbaar in liefde en eerbied vir mekaar, en regverdigheid en hoflikheid teenoor mekaar.

Wat is dan nou, heel prakties gestel, ons taak teenoor ons bediende? Dit het 'n negatiewe kant. Negatief wat ons nie moet doen nie, en positief wat ons wel kan en moet doen.

Wat die negatiewe aanbetref is die eerste en seker belangrikste dat ons as gelowiges nie 'n verkeerde voorbeeld moet stel nie. Woorde wek maar voor-

beelde trek. Die voorbeeld het veral 'n besondere vat op die minder ontwikkelde. 'n Slegte voorbeeld baar 'n slegte navolging en ook disrespek. Dit help nie dat u u Bybel lees en kerk toe gaan om daarmee 'n goeie voorbeeld te stel, maar intussen in u huis vloek en skel nie. 'n Slegte voorbeeld bring die Evangelie, die Kerk en die eer van God in die gedrang. 'n Gesin kan dus nooit genoegsaam ag gee op die verhouding, nie net tot die bediende nie, maar ook onderling met mekaar. 'n Slegte onchristelike voorbeeld in woord, daad of gebaar het 'n negatiewe uitwerking en kan die Evangelie van genade alleen in diskrediet bring.

Veel meer kan egter gesê word oor wat positief ons taak is. Eerstens kan dan gewys word op die krag van 'n goeie voorbeeld. Julle is die lig van die wêreld, en 'n lig skyn, dit word nie verberg nie. So kan daar in die betragting van 'n streng Christelike lewe 'n stille getuienis van u uitgaan. Christus moet in en deur u werk spreek. Vir die heiden moet dit duidelik wees dat hierdie ,,baas'' en ,,nooi'' besiel is met 'n bonatuurlike krag, gawes en ideale. Watter krag kan daar nie van 'n goeie voorbeeld uitgaan nie! Behandel u bediende met liefde en hoflikheid sonder om familiêr of gelykstellend te wees. Behandel hom met reg en billikheid. Dit was die krag in die optrede van ons vaders, dink veral aan President Kruger. Liefde en regverdigheid het hy op voortreflike wyse verbind in sy beleid. Daarom dat die naturelle ook 'n natuurlike liefde en geneëntheid tot en respek vir die Afrikaner ontwikkel het. Ons moet hierdie Christelike beginsels uitdra en toepas in ons huise. ,,Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle **julle goeie werke kan sien** en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.'' (Mat. 5 : 16). Die uitwerking hiervan is dat deur ons Godsalige ,,wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word''. (H. Kateg. Sondag 32).

Die Evangelie moet egter ook direk gebring word. Sal ons dan nie teruggaan tot die ou gewoonte in ons volk om ons bediendes weer te betrek by ons huisgodsdiens nie? Ons is seker dat in die meeste gesinne die deur tussen kombuis en eetkamer by huisgodsdiens toegemaak word. Die klank van skottelgoed wat gewas word hinder ons by Skriflesing, gebed en sang. Is die ,,toe deur'' nie 'n uiterste vorm van selfsugtigheid nie? As ons maar net deel het aan die krag en gawes van die Evangelie bekommer ons ons nie juis oor die ander in ons poorte wat nog in duisternis leef nie. Staan ons nie diep skuldig as ontroue diensknegte en diensmaagde nie? Ons het die lig ontvang maar wil dit net vir ons self hou. Die ellendige en kreupele en blinde het die ontferming en barmhartigheid van Christus opgewek. Sal ons in die gestalte van Christus ons dan nie ontferm oor die ellendige in ons poorte nie?

Naas huisgodsdiens kan ons ook meer doen aan gedurige eenvoudige onderrigting en voorligting. Onopsigtelik kan ons in ons gesprekke met ons bediendes spreek uit die Woord van God. Net een so 'n gesprek kan deur die kragtige werking van Gods Gees gebruik word om die saad van die geloof in 'n heidenhart te plant. Vra hom of hy 'n Bybel het en indien nie, voorsien hom dan van een. Die naturelle is baie gretig om te lees. En wat lees hulle nie alles nie?

Meeste leesstof is net goed om hart en sinne te besoedel. Gee hom 'n Bybel in sy hand, moedig hom aan om dit te lees en u het al veel gedoen. Die Woord is 'n krag van God tot saligheid en waar daardie Woord gelees word, werk ook God se Gees.

Daar is natuurlik baie van ons bediendes wat reeds aan 'n Protestantse Kerk behoort. Ook hier het u 'n taak deur hom met woord en daad aan te moedig, en in staat te stel, om sy kerk gereeld te besoek.

Ons verhouding tot ons bediendes is veelal verknoei deur die liberalistiese en materialistiese gees van ons tyd. Die verhouding van werkgewer tot werknemer word slegs beskou as een van diens en vergoeding, terwyl dit vanuit ons Christelike standpunt tog ook 'n godsdienstig-sedelike inhoud het. Seker een van die beste voorbeelde hiervan in die Heilige Skrif, vind ons in die verhouding van Boas tot sy knegte. (Rut 2 : 1-4). Boas word beskryf as 'n vermoënde man. (vs. 1). Wanneer hy sy knegte op die land besoek groet hy hulle: ,,Mag die Here met julle wees!'' (vs. 4) en hulle groet hom terug met seënbede: ,,Mag die Here u seën!'' (vs. 4). Wat 'n lieflike toneel!

'n Ryk man spreek met sy arbeiders en in skerpe teënstelling met die arbeidspanninge in ons tyd, spreek hulle verhouding van vriendelikheid, hoflikheid, liefde en respek. Daar is geen spanning en geen opstandigheid nie. Waarom nie? Omdat Boas en knegte een is in die kennis en vrees van die Here. Laat ons dit in Suid-Afrika onthou: Jesus Christus stel alle verhoudinge reg, ook die tussen heer en kneg. U kan hiermee begin deur Jesus Christus die Verlosser te verkondig aan die kneg in u huis.

As elke huisgesin sy plig doen tot die kerstening van sy bediende, wat kan dit in ons land tog nie beteken vir die uitbreiding van Gods Koninkryk en daarmee tot die grootmaking en verheerliking van sy Heilige Naam.

Kom geagte leser! begin vandag, en u begin met ewigheidswerk wat nie ongeseënd sal bly nie.

G. C. P. van der Vyver.

# NUUSFLITSE

In Noord-Rhodesië word sendingwerk onder die Luvale-stam gedoen. Die Luvale-stam is 'n klein deel van 'n groot groep stamme wat in geheel drie miljoen siele tel.

'n Tyd gelede is daar 70 van die Luvale-stamlede gedoop. 'n Sendingkerkie is hier in aanbou. Met die ontwikkeling van die Bantoe in dié gebied word dit duidelik dat die toordokter en die bygeloof die houvas op die bevolking verloor en dat na nuwe vorme gesoek word.

★ In Suid-Rhodesië, waar sending gedoen word in die Urunga-reservaat, is die dienste van 'n derde helper uit Noord-Transvaal verkry.

Die helper, Katsenga sal wat die taal aanbetref goed by die Bantoes van Suid-Rhodesië aansluit omdat hy hulle taal

goed ken. Katsenga is ses tale magtig.

★ Moruti E. Bohloko van Thabong, Welkom het die beroep na Bloemfontein en Rustfontein aangeneem.

Moruti S. More van Jabavu is in sy plek beroep maar het vir die beroep bedank.

★ Die sending onder die Boesmans in Suidwes-Afrika het so gevorder dat die kerkraad van Gobabis nog twee helpers benoem het.

Ds. M. A. Kruger doen daar veral onder die Boesmans sedingwerk.

★ Br. J. P. L. van der Walt van De Hoop Sendingstasie meld in 'n verslag dat nieteenstaande daar reeds vir 'n geruime tyd 'n knellende droogte in Noord-Transvaal heers en alleen die ou mense en kinders agter gebly het, die sending nogtans goeie vordering maak.

Onder die kapteins en hoofmanne word meer en meer goedgesindheid en medewerking ondervind.

★ Onlangs is 'n spesiale klassisvergadering van die nie-blanke kerk gehou in Moroka. Die voorsitter was Mor. S. R. Madia van Natalspruit. Die spesiale vergadering is belê omdat klagte ingebring is dat 'n predikant nie sy herderlike werk doen nie en sake in die gemeente nie reg lei nie. Die predikant is vir drie weke geskors. Indien hy nie in dié tyd 'n beroep kry nie verval sy predikantsstatus.

★ Klassis Wes-Kaapland het besluit dat daar nie verdere rapporte oor die nie-blanke kerk (kleurlingkerk) op die Klassis behandel sal word nie aangesien die Kleurlingkerk nou selfstandig is.

Deputate is benoem om vas te stel hoe in korrespondensie met die Kerk getree moet word.

Klassis Krugersdorp het ook die oorspronklike opdragte aan sy Deputate vir Sending in die lig van die selfstandige en eie kerkverband van die nie-blankes, hersien.

H. B. van der Walt.

# EIESOORTIGHEID IN DIE SENDING VAN DIE CHRISTELIK GEREF. KERK IN AMERIKA

Die Christ. Geref. kerk in Amerika met sy ongeveer 250,000 siele doen ontsettend baie insake evangelisasie, sending en Christelike onderwys. 'n Mens kan amper nie glo dat soveel geoffer kan word nie, so baie geld word daarvoor bestee en so baie arbeidskragte in die veld gestoot. Wat word daar nie alles gedoen vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Hierdie kerk het behalwe die sedingwerk onder die Indiane en Negers van die Verenigde State ook nog uitgebreide werksaamhede in Nigerië, Japan, Ceylon, Taiwan (Formosa), Suid-Amerika en Korea, en so pas is ook met sendingwerk op die Filippynse eilande begin.

Ons wil nie oor al die sendingwerk skryf nie maar wil net iets na vore bring van wat ons met ons besoek aan Amerika insake die toepassing van die eiesoortigheidsgedagte in die sending gesien en verneem het. Dus nie 'n studieverslag oor die saak nie, nie 'n omvattende oorsig nie, net so 'n kort geselsie.

### Eiesoortigheid in die Protestantse Sending.

Eiesoortigheid in die sending word vandag oral in die sending nagestreef. Dit het vaste beleid geword veral na die onafhanklikwording van die meeste nie-blanke lande. Terwyl daar vanuit Amerika — nie die Christ. Geref. kerk nie — die sending in die verlede in die teken van die **Social Gospel** gestaan het, is as gevolg van die mislukking daarvan, veral in China, eiesoortigheid nou die aktuele saak en vraagstuk. Dit klink vir ons miskien effens teenstrydig dat mense wat in die politiek en sosiale lewe integrasie voorstaan wel te vind is vir eiesoortigheid in die sending.

Dit was dan ook vir ons ietwat bevreemdend hoewel ook verblydend dat juis in Amerika, wat die land van vryheid is en waar integrasie op die spits gedryf word, wat ook nieteenstaande teenstand baie vordering gemaak het, eiesoortigheid in die sending so op die voorgrond tree. Ons was baie aangenaam verras om daar 'n baie oulike en behoudende en ook unieke tydskrif, **Practical Anthropology** raak te loop wat hom daarop toelê om na te gaan en te illustreer hoe die Volkekunde kan help om nie alleen op hoogte te kom met die godsdiens en kultuur van die nie-blanke volke nie maar ook hoe om die juiste sendingbenadering van die heidense volke te vind.

### Sending in Haarlem.

Maar ons wou iets sê oor eiesoortigheid in sending van die Christ. Geref. kerk. Wat 'n mens verbaas is dat hoewel hierdie kerk sy deure oopstel vir alle rasse, daar byna nooit 'n nie-blanke in die eredienste in die kerke vir blankes gesien word nie. So is dit ook in die ander kerke. Die nie-blankes het hulle eie kerke en voel meer tuis daarin en in hierdie kerke is daar 'n sekere mate van eiesoortigheid te bespeur. Die skerp teenstelling tussen die byna algemeen erkende beleid van integrasie aan die een kant en eiesoortigheid in die sending aan die anderkant het my veral getref in die geval van die sending van die Christ. Geref. kerk in Haarlem, die berugte en heeltemal oorbewoonde Negeragterbuurt, feitlik in die hartjie van New York. Die plaaslike sendeling borrel oor van ywer en entoesiasme. Hy versprei pamflette, behartig 'n weeklikse uitsaaidiens, bearbei Negers wat aan verdowingsmiddels verslaaf is, probeer om aan die Negerjeug ontspanningsgeleenthede te verskaf, gee daagliks Bybel-onderrig aan die jeug asook aan volwassenes en dan is daar nog die gewone gemeentelike asook sendingwerk van huis tot huis.

Hy wil hom sover moontlik vereenselwig met die lewe van die Negers en het besluit om met sy huisgesin in 'n kamer-woonstel in die sendinggebou in Haarlem te gaan woon. Hy moet dit doen, sê hy, want hy ondervind baie teenstand veral van die kant van die sogenaamde Swart Moslems (Mohammedane), wat die blankes daarvan beskuldig dat hulle dit nie eerlik met integrasie bedoel nie; dat dit gevolglik 'n mislukking is en dat hulle self dus nou segregasie voorstaan en 'n gedeelte van die Verenigde State vir die Negers opeis. Hierdie Negers wat baie aktief in Haarlem is en 'n groot aanhang hier het,

beskuldig die kerke ook daarvan dat hulle nie integrasie van harte bevorder nie. Dit blyk volgens hulle ook daaruit dat blankes, wat onder die Negers die Woord wil verkondig, te hoogmoedig is om onder hulle te woon. Om te bewys dat dit in sy geval nie so is nie, wil hierdie sendeling nou in hierdie so gevaarlike Negerbuurt gaan woon!

Hier gaan dus alles in die rigting van integrasie — ons het hier te doen met Negers wat in die groot wêreldstad groot geword het, die sendeling staan integrasie voor, sendingwerk is tot mislukking gedoem wat nie integrasie in groot letters op sy program het nie. Tog kon ek ook hier tekens van eiesoortigheid opmerk. Dit val 'n mens dadelik by die erediens op. Dit word by kerslig gehou en die gemeente neem self ook aktief deel deur byvoorbeeld op sekere gedeeltes wat die sendeling voordra gesamentlik 'n antwoord te laat hoor.

**Die Sending in Nigerië**

Eiesoortigheid spreek nog sterker in die sending in die buiteland. Daar was 'n paar predikante van Nigerië op die Geref. Ekumeniese Sinode te Grand Rapids. Hulle was in hulle nasionale kleredrag gekleed. Hulle verskyn ook daarin op die preekstoel. Hulle dra lang rokke wat tot op hulle voete hang en het 'n ronde baret vir hoofbedeksel. Hulle het my meegedeel — dit is ook deur ander bevestig — dat die sendingwerk in die Soedan (Nigerië), waar hulle predikante is, baie vinnig vooruit gaan. Hierdie land, wat vroeër 'n Britse kolonie was, is nou onafhanklik, en hoewel die Christene nie altyd so gewild is nie en die sending nie meer dieselfde mate van ondersteuning geniet wat dit ten tyde van die Britse bewind ontvang het nie, is daar offisieel altans vryheid van godsdiens en die blanke sendelinge uit Amerika word ook nog toegelaat.

Die gemeentes onderhou self hulle predikante en helpers. In elke dorpie of distrik is daar 'n helper wat daaglikse eenvoudige skoolonderrig aan kinders sowel as volwassenes gee. Die hoofskottel van hierdie onderwys is om te leer lees en skryf en verder Bybelonderrig. Hierdie soort onderwys is baie populêr by die volwassenes en hulle doen baie moeite om dit gereeld by te woon. Die fenomenale uitbreiding in hierdie sending moet dan ook in die eerste plek aan hierdie soort sendingarbeid toegeskryf word.

Die Negers word geleer om die kerk as hulle eie te sien waarin hulle tuis kan wees en waarin hulle met die hulp van die sendelinge selfstandig kan optree en besluit. Hulle vereenselwig hulle met die nasionale strewe van hulle volk en wil **in die eerste plek lewe en erken word** as Negers, hoewel hulle nie alles wil goedkeur wat onder die vaandel van die nuwe nasionalisme in hierdie land voorgestaan en gedoen word nie.

Voor die aanvang van die erediens sing die lidmate geestelike liedere wat hulle self gedig en gekomponeer het. Hulle wil uitsing wat daar in hulle hart lewe. Elkeen probeer om so 'n lied te maak en voor te sing. Hulle sing dan om die Here te prys, of om hulle moeilikhede en sorge voor die gemeente en die Here te lê, en die Here se bystand en seën af te smeek. Soms word Skrifgedeeltes gesing.

### 'n Algemene behoefte by die Swart mense

Die genoemde predikante het my meegedeel dat hierdie singery vir die mense 'n deel aan hul godsdiens is. Daarsonder sal die kerk vir hulle baie van sy betekenis verloor. Dit het my laat dink aan die Christelike Vrouevereniginge onder die Bantoes in Suid-Afrika. Hierdie vrouens wil in hulle vergaderinge van hulle geloof, hulle moeilikhede, hulle droefheid en blydskap getuig. Hulle wil die Here dank, Hom aanbid en Hom vir sy seën bid. Elkeen wil graag iets sê. Dit is volgens hulle hulle gebede tot die Here.

Die Negers in Nigerië sing hulle hart uit en die Bantoevrouens preek-bid hulle harte uit. Die Negers sing vóór die eredienste begin en die Bantoe-vrouens bid in hulle Vereniginge. Dit bring rus, vrede en kalmte in die gemoed van hierdie mense.

Ons het hier dus blykbaar te doen met 'n algemene behoefte by die swart mense van Afrika. Hulle het self die manier en plek waarop hulle dit wil doen in die lewe geroep. Dit is vir hulle 'n sielsbehoefte. Daarin kom hulle godsdiens tot uiting. Tog staan dit alles los van die offisiële erediens en word dit in Suid-Afrika soms kerklik afgekeur of nie kerklik gesanksioneer nie.

Wat moet ons houding hierteenoor wees? Moet dit belet word of geïgnoreer word of moet dit goedgekeur word? Aangesien ons daarvan oortuig is dat dit 'n ware sielsbehoefte by die mense is, sal daar ook voorsiening voor gemaak moet word dat hieraan op een of ander manier voldoen word.

H. d. P.

# BYBELVERTALING IN INBOORLINGTALE VORDER

Hoewel die Bybel in Nama nou gedruk word en Bybel-verhale in Boesmantale uitgegee gaan word, is daar in Suidwes trouens in die hele Afrika nog ontsaglik baie wat vir Bybelvertaling gedoen moet word, het eerw. H. Lübke van Windhoek vandeesweek gesê.

Hy is genader oor die vertaling van die Bybel in die inboorlingtale wat in Suidwes aangetref word.

Die Nuwe Testament met die Psalms as aanhangsel is reeds in die vorige eeu deur eerw. G. Krönlein, wat vir jare die evangeliese Lutherse Sending in Namaland behartig het, vertaal.

Van hierdie vertaling is tans die vierde druk al in gebruik. Drie drukke is in Duitsland gedruk, terwyl die vierde druk in Kaapstad gedruk is.

Eerw. Krönlein tel onder die pioniers van Suidwes en is geruime tyd reeds oorlede. Hy het destyds ook gewerk aan die vertaling van die Ou Testament en dit voltooi, maar dit is egter nooit gedruk nie. Die rede hiervoor is nie bekend nie.

Eerw. F. Pönnighaus — wat in die dertiger jare die Paulinum by Karibib, waar nie-blanke evangeliste en later ook pastore opgelei is, gestig het en ook daar as eerste bestuurder van die Paullinum waargeneem het — het die saak verder gevoer.

## HERSIENING

Hy het later, toe hy vir tien jaar die Nama-gemeenskap in Windhoek gedien het, tesame met die evangelis Samuel Hendrik Isaak — later pastoor in Maltahöhe — die vertaling van die Ou Testament van Krönlein in die vroeë vyftiger jare nagegaan.

Toe eerw. Pönnighaus daarna in Duitsland afgetree het, het hy daar verder gewerk aan die Namabybel en die manuskrip vir die druk voorberei. Die Bybel word tans gedruk, terwyl eerw. Pönnighaus die korreksies daarvan behartig.

Die druk van hierdie Bybel is vertraag omdat dit 'n ,,Naslaanbybel" is waarin die ,,verwysingsplekke" opgeneem is. 'n Mens kan egter verwag dat die algehele beskikbaarstelling van hierdie Bybel binne die eersvolgende twee jaar sal geskied.

Tot dusver het Bybelverhale hoofsaaklik die Bybel vervang. Hierin is Bybelverhale van Ou sowel as Nuwe Testament opgeneem. Die boek is reeds baie lank in gebruik, en is van prente voorsien. Dit word nog in skole gebruik en sal sekerlik nie gou in onbruik raak wanneer die nuwe Bybel in die Namataal beskikbaar is nie. Hierdie boek bestaan ook in die Hererotaal.

## IN HERERO

In die Hererotaal is ook die Nuwe Testament met die Psalms as aanhangsel beskikbaar.

In die Ovambotaal vind 'n mens al 'n ryk literatuur wat ook deur die Ovambo self aangevul word. Daar is Ovambo's wat self al boeke geskryf het, veral in Oshingdonga en Oshikwanyama.

## HELE BYBEL

Die volledige Bybel is reeds in eersgenoemde taal beskikbaar. In laasgenoemde taal is slegs die Nuwe Testament en die Psalms. Daar word tans gewerk aan 'n volledige Bybel in Oshikwanyama.

Gesang- en gebedeboekies is beskikbaar in Ovambo-, Nama- en Hererotale. Opvallend is die feit dat al hierdie boekies reeds in hulle vierde of vyfde druk verskyn het. Die gesangboekies word, vir sover dit Evangeliese Lutherse Sending in Suidwes aangaan, die meeste gekoop.

## BOESMANTALE

Waarskynlik sal binnekort in Ovamboland 'n klein boekie uitgegee word in twee Boesmantale, naamlik ,,Kung" en ,,Heikum". Hierin sal veral Bybelse verhale en tekste opgeneem word.

Dit sal geskied binne die raamwerk van die sendingwerk wat die Evangeliese Lutherse Okavango-Kerk onder die Boesmans onderneem. Hierdie sendingstasie is gesetel in Kongo in Oos-Kwanyamaland.

Eerw. Lübke het gesê dat op die gebied van Bybelvertaling op die vasteland van Afrika, nog ontsaglik baie te doen is.

Daar is sowat 11 Bantoetale waarin die Bybel of gedeeltes daarvan vertaal is in die Republiek, Suid-Rhodesië en Mosambiek. Hierdie syfer sluit die inboorlingtale van Suidwes nie in nie.

(Uit ,,Die Suidwester")

# DIE SELFSTANDIGWORDING VAN DIE INDONESIESE KERKE

II

**Die Finansiële Aspek.**

Die wêreldoorlog, waardeur alle finansiële hulp uit Nederland aan die Indonesiese kerke afgesny was, het die laaste in groot moeilikheid gedompel. Die meeste gemeentes moes nou tot gehele selfstandigheid opgelei word, en die werk moes verrig word onder leiding van die inlandse predikers. Die grootste hinderpale, wat oorwen moes word, was allereers die grootste armoede, waarin die meeste gemeentelede geleef het, wat verplig was om die finansiële laste van die gemeente dra. 80% van die gemeentelede was landbouers, en moes 2/3 van die opbrengs van die oes as pagsom betaal, vir sover hulle nie self grondeienaars was nie.

Die lede het ook nog nie geleer om vir die diens van die Here te offer nie.

Dit is 'n verblydende feit dat die Javaanse kerke sonder steun van Nederland gedurende die oorlog staande gebly het en self ook sendingwerk gedoen het. Na die bevryding was die hulp van Nederland weer dringend nodig. Baie skole was verwoes en moes weer opgebou word, waarvoor deur die Gereformeerde kerke in Nederland £100,000 gekollekteer is. Ook hospitale moes nog vanuit Nederland ondersteun word. Vir instandhouding van die erediens werk tans die Nederlandse kerk met die Javaanse saam, al vermeerder die bydraes van die Javaanse kerke na die draagkrag van die gemeentes. Want daar is ook groot vooruitgang op ekonomiese gebied by die Javane deur verbeterde skoolonderwys. Allereers die dessa-vakskole, waar goeie onderwys gegee word op landbou- en nywerheidsgebied. 'n Sendeling sê daaroor: „Die Christelike skool is die vernuwende krag van die evangelie vir die hele lewe, wat sy blywende invloed uitoefen op die hele lewe, sowel geestelik as maatskaplik."

**Die Ekumeniese Aspek.**

Die tweede wêreldoorlog het, behalwe die funeste gevolge vir die Weste, ook 'n geweldige verandering gebring in die toestande van die jong sendingkerke in die Ooste. Reeds die verbreking van die bande met Nederland, waardeur hulle geen finansiële steun meer kon kry nie, en verplig was om selfstandig op te tree en beslissinge te neem en die daarop gevolgde selfstandigwording van Indonesië, waardeur die band met die Weste geheel verbreek was, het die verskillende kerke in Indonesië verplig om samewerking met mekaar te soek. Soos Drummond reeds in 1890 getuig het: "The missionaries are not an organised army of God, they are a band of guerilla's."

Dit is 'n sorgvolle situasie, waarin die verskillende kerke as 'n klein minderheid tot ontwikkeling moet kom en die stigma het van 'n verdeelde kerk, wat ontstaan het deur die aksie van verskillende kerke in Nederland, te midde van 'n magtige heidense of Mohammedaanse omgewing. Daarby kom nog die omstandigheid dat verskillende sendelinge ook die modernisme aanhang — die gelowiges kan onmoontlik met sulke mense saamwerk nie.

Op 'n konferensie gehou van

6-14 September 1933, naby Buitenzorg op Java is 'n merkwaardige samewerking bereik tussen die kerke van Oos, Midde- en Wes-Java, en die ontmoeting van afgevaardigdes uit geïsoleerde sendingsposte uit die Ooste met die ander broeders het besondere vrug gedra, en as uiting van die geloof is die samekoms vir al die gemeentes 'n stuk werklikheid geword, wat tot vandag nog nawerk.

As vrugte van die konferensie word vermeld, dat persone, wat reeds lank met die kerk gebreek het, omdat dit volgens hulle afkomstig was van "Westerse imperialisme", weer tot die Christendom teruggekeer. Die sendingwerk het baie uitgebrei en nuwe gemeentes is gestig.

In die volgende jaar (1934) is die Hoër Teologiese Skool te Djakarta geopen, wat die Indonesiese kerk die beskikking gee oor 'n aantal volwaardig opgeleide dienaars van die Woord wat in staat is om die groei van die selfstandig ontwikkelende kerklike lewe verder te lei.

Ook in die oostelike deel van die Indonesiese argipel is 'n verblydende vooruitgang van die Christendom waar te neem. In MAKASSAR, die hoofstad van die eiland Celebes, is deur die Gereformeerde kerk 'n hospitaal opgerig, en aldaar is 'n Raad van Samewerking van kerke gevorm, wat gelei het tot die oprigting van 'n teologiese skool vir die opleiding van predikante vir die ou kerke in die Molukke, Ambon en andere eilande, wat in taal en volkskarakter geheel van die westelike argipel verskil.

Hier, sowel as in die weste, waar in 1947 in Djakarta die Raad van kerke in Indonesië gestig is, word die Woord van God as onfeilbare grondslag aanvaar, en Jesus Christus as enige Saligmaker.

Noudat ook in die opleiding van eie leraars voorsien is, omdat al die ortodokse kerke van Indonesië (die Gereformeerde, Hervormde, Baptiste en die Battakkerk) hulle eie kuratore aangestel het, wat oor die aanstelling van professore aan die teologiese skool moet beslis, word ook aandag gegee aan **lektuurverspreiding** AS EEN VAN DIE MEES DRINGENDE aangeleenthede van Kerk en Sending, gesien die groot propaganda wat deur Kommuniste, die Islam en die Roomse Kerk gemaak word. In 1950 is die Christelike Lektuurkomitee gestig onder bestuur van ds. Riedel en dr. J. Verkuyl.

Buitengewone goeie werk is veral deur dr. Verkuyl verrig vir die verspreiding van Bybels, Bybelgedeeltes, traktaatjies in al die tale van Indonesië, waartoe die Nederlandse Bybelgenootskap kragtig bygedra het deur vir die vertaling van die Bybel in 'n dosyn Indonesiese tale sorg te dra. Toe die Indonesiese regering die invoer van Christelike lektuur uit Nederland wou belet, is onmiddellik besluit om 'n eie drukkery in Indoniesië op te rig, waar die Bybel in die verskillende tale van die argipel gedruk kon word.

„Die evangelie moet verkondig word aan alle nasies, en dan sal die einde kom", dan sal Jesus Christus wederkom.

Om so saam te werk aan die koms van die koninkryk van Jesus Christus is die taak van sy gemeente op aarde. „Hy wat dit getuig sê: Ja, Ek kom gou! Amen, ja kom Here Jesus!" (Openb. 22 : 20).

W. Hovy.



# STAAL DEUG VIR ELKE BOUTAAK

*. . . in die hand van die* ***deskundige!***



- Grootpawiljoen, Ladysmith, Natal — staalwerk deur B & G.
- Die nuwe Geref. Kerk, Lyttleton, Pretoria—staalwerk deur B & G.
- Toring vir die V.E.T.S.A.K.-pawiljoen, Randse Skou — staalwerk deur B & G.



**BAKKER & GRIFFIOEN (Edms.) Bpk.**


Ontwerpers, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies.

Posbus 17, Industria, JOHANNESBURG.
Tel. 35-5538/9 Telegramme: 'BAKGRIF'

BG 8125

SENDINGTYDSKRIF UITGEGEE
DEUR DIE SINODALE SENDING-
DEPUTATE VAN DIE GEREFOR-
MEERDE KERK

JAARGANG 7 — NR. 5
OKTOBER 1964



# DIE OES

# LEKTUUR

1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk 30c per jaar
2. a. Rugama in Tswana en Sotho 30c per jaar
   b. Rugama in Zoeloe en Xhoza 30c per jaar
3. Murumiwa in Venda en Tsonga 30c per jaar
4. Die Oes 50c per jaar
   Tumelo ea Bakreste.
   (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis 10c elk
5. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
6. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
7. Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho 2c elk
8. Heidelbergse Kategismus in Tswana 10c elk
9. Heidelbergse Kategismus in Venda 10c elk
10. Heidelbergse Kategismus in Sotho 10c elk
11. Sendingkalender in Zoeloe, Sotho en Tswana 10c elk
12. Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda
13. Preekbundel in Zoeloe 30c elk
14. Preekbundel in Sotho 30c elk
15. Formuliere in Sotho.

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

# SENDINGKALENDER

Die tekeninge wat in hierdie uitgawe van „Die Oes" verskyn, kom almal uit die nuwe Sendingkalender.

U kan hierdie kalender nou bestel by die Skriba.

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.


# DIE OES

**Jaargang 7 — Nr. 5**
**AUGUSTUS 1964**

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending — en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), ds. D. C. S. van der Merwe, prof. A. Postma.

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug.
POTCHEFSTROOM.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn ses maal per jaar

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom

**Redaksioneel**

# Die bydrae van die Bantoe-Christendom

## 'n Afrika-indentiteit, asook vooruitgang bevorder

Net soos elke mens sekere moontlikhede en talente asook 'n sekere waarde en persoonlikheid en identiteit het, is daar ook so iets by die verskillende nasionaliteite of nasies. As ons insake ons optrede teenoor die naturelle as uitgangspunt neem dat hulle in vergelyking met die blankes inherent minderwaardig is en geen potensiële talente besit om tot 'n beskaafde lewenspeil te ontwikkel nie, is dit as uitgangspunt nie alleen onwetenskaplik en in hoë mate onpedagogies nie, maar so 'n houding en optrede, wat hieruit voortvloei, het ook 'n diep krenkende uitwerking op hierdie mense. Dit veroorsaak wanverhoudinge en verbittering, veral nou dat hoofsaaklik as gevolg van die beïnvloeding van die Westerse beskawing en tegniek daar 'n ontwaking by baie van hulle ontstaan om ook as aparte nasionale entiteite van waarde te wees en van waarde geag te word. Nou dat hulle die eeuelange frustrerende gevoel van minderwaardigheid wil ontgroei en as 'n neerdrukkende las van hulle wil afskud en hulle vir hulle 'n nuwe toekoms sien en wil uitwerk, veral in die nuut verkrege onafhanklikheid van onafhanklike state, kan hulle so 'n geringskatting van hulleself eenvoudig nie verdra nie en kom hulle in verset daarteen en ook tot ongesonde reaksionêre neigings en optrede.

Die mees uitstaande kenmerke van en besondere uitvloeisel van die nuut ontwakende nasionalisme is die diep gevoelde begeerte om 'n eie identiteit aan te kweek en te handhaaf. Hulle wil as Afrika-mense van waarde wees en hulle weier om as karakterlose blanke nabootsings gebrandmerk te word. Daar is 'n intuïtiewe sowel as uitgesproke vrees dat met die verlies van hulle identiteit Afrika sy siel verloor en die Afrika-bevolkings as uitwerpsels op die ashoop bly lê of daarop uitgewerk word.

Aan die anderkant is daar die groeiende oortuiging dat om te presteer en van waarde te wees die naturelle daarna moet streef om wat betref die tegniese, wetenskaplike, ekonomiese, militêre e.a. aspekte die gelyke van die blanke te word.

Hulle wil dus aan die een kant hulle identiteit behou en aan die ander kant die gelykes van die blankes word. Daarom is onder hierdie omstandighede 'n neerhalende houding van ons kant vir hulle so diep kwetsend en krenkend. Moet hulle aanvaar dat hulle tog nooit sal kan presteer nie en moet hulle daarin berus dat daar in hulleself, hulle kultuur en taal niks van waarde is nie?

### ONGESONDE REAKSIE

In hierdie verband is daar egter nie alleen die gevaar van onderskatting nie, maar ook van oorskatting van eie waarde en daar is ook die gevaar van ongesonde reaksies. Daar word (nog) nie besef dat onafhanklikheid nie die oplossing van al die moeilikhede bring nie, maar dat dit daarenteen die

begin is van nuwe moeilikhede en van die aanvaarding van groot verantwoordelikhede. 'n Ander gevaar is dat terwyl daar so 'n groot nadruk gelê word op die nasionale identiteit, die wortels van die hede in die verlede gesoek word.

Die voorvaderlike erfenis moet bewaar word en daarop moet die toekoms gebou word. Hierdie verlede word soms dermate geïdealiseer en geromantiseer dat dit onherkenbaar word. Aangesien die verlede in die teken van die heidendom staan, is daar nou die gevaar dat die volksgebou op 'n heidense fondament opgebou word. Die ou heidendom moet weer uit sy skuilhoeke gesleep word en in 'n gemoderniseerde vorm aanneemlik en aanloklik gemaak word as 'n eiesoortige Afrika-produk.

## 'n NEERHALENDE HOUDING MOET AFGEKEUR WORD.

Wat moet nou ons houding teenoor dit alles wees? Ons kan natuurlik nie alles goedkeur nie. Die naturelle moet leer dat die wêreld nie vir hulle gemaak is nie, en dat hulle nie net regte het nie, maar ook verpligtinge, dat hulle moet offer en alles in hulle vermoë doen om hulle self in te span om verder te ontwikkel. Dit alles is wenslik en nodig, maar 'n neerhalende en minagtende houding van ons kant, wat daarop neerkom dat ons meerwarig ons skouers oor hulle aspirasies optrek, en hulle eie goed van nie die minste waarde ag nie, is gelyk om 'n geestelike vermoording van die mens wat na Gods beeld geskape is en is 'n veragting van die algemene genade van God.

Dit het nie alleen 'n diep krenkende uitwerking op die naturelle nie, maar is juis aanleiding daartoe dat genoemde asook ander ongesonde reaksies in die hand gewerk word, waardeur ons medeskuldig hieraan is.

Dit is 'n baie ernstige toedrag van sake en dit is beslis nodig dat sodanige houding ten skrifte veroordeel moet word.

Dit wil nie sê dat ons byvoorbaat aanneem dat die naturelle in alles dieselfde peil van ontwikkeling as die blankes sal bereik nie. Die vraag oor wat die naturel uiteindelik kan presteer of nie presteer nie, is trouens nie eens ter sake nie. Wat wel ter sake is, is dat ons gewillig moet wees om hulle aan te moedig en ook sover moontlik te help om ekonomies en andersins vooruit te strewe en ons moet hulle vooruitgang van harte toejuig.

## DIE BANTOE-BYDRAE.

Dit behoort vir ons vanselfsprekend te wees, maar waarop ons in hierdie artikel die nadruk wil lê, is dat nog baie meer as dit gedoen moet word. *Ons moet in plaas van 'n negatiewe en afbrekende en frustrerende, 'n baie meer positiewe houding ten opsigte van die God gegewe potensialiteite van die naturel inneem. Ons moet in alle eerlikheid onsself afvra, of en in watter opsigte hulle positiewe bydraes vir die Christendom in die algemeen en die Calvinisme in die besonder kan lewer.* As ons dit wil doen, sal ons bevind dat God hulle wel hiervoor wil gebruik, dat Hy ook op hulle 'n besondere roeping gelê het en dat hierdie roeping selfs van wêreld betekenis kan wees.

Alleen wanneer ons dit as uitgangspunt neem, kan daar goeie rasseverhoudinge wees, sal die Sending 'n nuwe dinamiese krag ontwikkel en kan 'n gesonde selfrespek by die naturel aangekweek word.

Watter bydrae sal hulle in hierdie verband kan lewer? Wat betref die drieërlei verhouding van die mens tot God, die me-

demens en die skepping het skrywer hiervan in 'n artikel wat bedoel is vir Perspektiewe ( 'n J.V.-uitgawe) probeer aantoon dat die bantoe wel hierin 'n bydrae kan lewer. Hoewel hulle Christendom heelwat tekort sal kom en ons ons maar daarvoor moet voorberei dat selfs die Gereformeerde kerke onder hulle in meer as een opsig sal teleurstel, *sal hulle tog as bantoe-gelowiges die Gereformeerde waarheid insake hierdie drierlei verhouding in 'n sekere mate en in sekere opsigte beter as ons tot uitdrukking kan bring en gestalte laat aanneem.*

Dit is wenslik dat in die sending daarop toegespits word om die bantoe-Christene hiervoor te stimuleer, te inspireer en voor te berei.

H. d. P.

---

# MINDOLO

*deur Prof. Dr. J. H. Coetzee.*

Dit was my voorreg om vroeër vanjaar 'n samespreking by te woon, op Mindolo. Die plekkie sal u waarskynlik nie eers op 'n kaart vind nie. Dit lê 'n paar myl buite Kitwe, Noord-Rhodesië, feitlik op die Kongogrens. Hier in die nabyheid het Dag Hammerskjöld verongeluk.

Mindolo is 'n eie, besondere gemeenskap. 'n Christen dorpie buite die koperstad Kitwe, feitlik in die bos. Dit staan bekend as 'n ekonomiese stigting. Protestantse kerke uit die Skandinawiese lande het, in samewerking met ander, 'n lewende monument hier opgerig vir Hammerskjöld. Deel daarvan is mooi Dag Hammerskjöld — Biblioteek. Origens is die doel van die stigting, waartoe kerke en ander instansies geldelik, toesighoudend en hulpverlenend mee werk, om Christene uit alle Afrikalande toe te rus vir hulle taak in die ruwe Afrika.

Hier word bv. kursusse aangebied in Christelike joernalistiek ten einde die kerklike en Christelike publikasies van die jong kerke beter te kan behartig. Ook kursusse om jong gelowige vroue voor te berei vir 'n Christelike huishouding en gesinslewe. Daar is 'n inrigting, koshuis en wat daarby hoort, van die Young Women's Christian Association in die opvoeding van jong dogters uit gelowige huise. Daar was kort van te vore 'n opknappingskursus vir predikante van protestantse kerke in Afrika. Gedurende ons verblyf te Mindolo was daar o.a. ook 'n kursus aan die gang vir privaat-sekretaresses. Gereeld word kleiner en groter konferensies en samesprekings aldaar gehou, bv. oor die toets van die kerk in die nuwe Afrika kerk en rasseverhoudinge e.d.m.

Dit was weliswaar gou duidelik dat 'n Gereformeerde nie ten volle akkoord kan gaan met die ekumeniese gedagte soos dit hier tot uitdrukking gebring word nie. Wat te Mindolo gedoen word, is volgens my Gereformeerde opvoeding nie alles die taak van

die kerk (as instituut) nie. Daar was te veel aanduidings van onduidelike en ongereformeerde kerkbegrippe en selfs die opvatting van wie Christene genoem word, het my voorgekom *baie* wyd te wees.

En tog , , , , Hier is onbetwisbare tekens van Christen*ywer* van geloofs*lewe*. Van Christelike roepings- en taakbewustheid. Dat die geloof in dade bewys moet word. Hier is aktuele en waardevolle werk in aansluiting by die sending. Dit sou bestempel kan word as sendingnasorg; opbou van Christelike, sosiale, ekonomiese, politieke, huislike klimaat en atmosfeer waarbinne die kerk moet bestaan as die lewe-bewarende hart.

Die vorm, die organisasie, is volgens Gereformerde uitgangspunt onsuiwer. Maar dit eis reformasie, nie verwerping nie. Die besef van die probleme en van die behoefte, die motief is aktueel en juis. Afrika het Christenleiers in die groot en in die klein nodig. Die koninkryk van die hemele moet in Afrika tot openbaring gebring word. Daarsonder sal die Afrikavolke nooit werklik vry wees nie. Christene uit die volke van hierdie vasteland moet voorberei word vir daardie taak, hulle vryheidstaak. Hulle moet toegerus word om as Christene te dien: predikante, joernaliste, sekretaresses, politici, boere, huisvroue. Geroepenes van God om Hom te dien ook deur hulle toewyding aan staat en volk en land.

Mindolo en wat ek daar aanskou en beleef het, het my met afguns vervul. Die vraag het hom aan my opgedring in hoeverre dit by ons, Gereformeerdes en Calviniste, te kort skiet aan gelowige daadkrag en Christenywer. Miskien ook aan visie. Selfs aan besef van die eise ten opsigte van die koninkryk van die hemele.

Dit is waar: ons het innige rede tot groot dankbaarheid vir die wonderlike opbloei van die Gereformeerde Kerke se sending en die toenemende oop harte en gewillige hande daarvoor. Maar is daar ook al 'n sterk genoeg bewustheid, 'n klare besef van die behoefte om die kersteningstaak van die sending op te volg, om die deurbraak voort te sit? Hierdie mense wat uit die geestelike duisternis van die sonde geruk is deur die lig van die Evangelie, moet ook verder toegerus word om as Christene te lewe: elke dag en in alles. Daar moet vir hulle Christelike voorligting en opheffing wees.

Nou wil dit soms lyk — nie net in ons optrede teenoor die nie-blankes nie maar eweveel ten opsigte van blankes — asof die dinge wat, na ons beskouing, nie streng die taak van die kerk is nie, maar aan die staat oorgelaat word. Van die Christelike partikuliere inisiatief, georganiseerd en ongeorganiseerd, kom so weinig tereg. Die amp van die gelowige word beperk en geïsoleer. Dit lyk asof ons die Christelike gemeenskapskragte onderskat en die vermoë van die staat oorskat. Van 'n staat wat godsdiensvryheid bely en toepas kan en mag nie verwag word dat hy 'n Christelike toerusting aan leiers en volgelinge moet verskaf nie. Sy taak is beperk tot die verskaffing en waarborg van geleenthede vir sy Christenburgers en -onderdane om sodanige vorming te voorsien deur gesamentlike optrede.

Hoe graag sou ek nie 'n egte Calvinistiese Mindolo wou sien nie as stigting van gereformeerde gelowiges in Suid-Afrika! En watter bate sou dit nie vir blankes en nie-blankes in ons vaderland wees nie! En watter werktuig in diens van die koninkryk.

# Sending in die Transkei

DEUR DS. JOHAN BRITZ

Wanneer 'n mens 'n kort artikel wil skryf oor sendingwerk in die Transkei, kom jy voor 'n hele paar probleme te staan, waarvan die onkunde oor hierdie gebied se ligging en die plaaslike toestande feitlik die grootste is — en dit ten spyte van die feit dat die Transkei amper elke dag in die nuus of op almal se lippe is.

Heel kort gesê, is die Transkei geleë tussen die Kaapprovinsie en Natal, d.w.s. tussen die Keirivier, wat, soos die kraai vlieg, sowat 40 myl ten noorde van Oos-Londen in die see vloei, en die Umtamvuna en Umzimkulu. Die oosgrens is die see, en in die weste is die Drakensberge feitlik deurgaans die grens. Die totale oppervlakte is 16,500 vk. myl.

Met die 1960-sensus was daar oor die drie miljoen AmaXhosa, waarvan ongeveer die helfte in die Transkei woonagtig was.

Die terrein wat deur die Gereformeerde Kerk bearbei word, bestaan uit die distrikte Tsomo, Nqamakwe en Butterworth wat al drie deur die Keirivier in die suide begrens word, asook die distrik Idutywa, wat tussen Butterworth en die Basheerivier geleë is. Bereken soos die kraai vlieg, is die hele terrein se grense ongeveer 45 myl uitmekaar, en word deur tussen 150,000 en 160,000 siele bewoon, wat, uitgesonderd die oostelike helfte van Idutywa, uit Amamfengu bestaan. Die oostelike deel van Idutywa wrd deur Gcalekas bewoon.

Die Amamfengu is 'n vooruitstrewende en soms voor-op-die-wa stam wat reeds meeste van die stamtradisies laat vaar het. In die distrik Nqamakwe, waar die Mfengu-kaptein woon, is dan ook die hoogste persentasie skoolbesoek, en is seker ook die verste gevorder met die rehabilitasie van die land. Die hele Transkei is natuurlik geweldig verniel deur verkeerde boerderymetodes en gronderosie. Die Mfengu-siam het ook 'n drieledige eed geneem, nl. om die Here te erken, hulle kinders 'n skoolopvoeding te verskaf en om met die Regering saam te werk.

Tog sien die reisiger baie naturelle wat in die tradisionele rooikombers rondloop, veral in die omgewing van Idutywa. Hiedie naturelle is dan bekend as amaqaba, d.w.s., heidene. Hierdie woord is blykbaar afgelei van die Xhosa vir „smeer, vis," en hulle besmeer hulle gesigte ook met gekleurde klei.

Die godsdienstige toestand van die amaqabha, d.w.s. gewastes, gelowiges, is egter nog maar betreurenswaardig. Hulle verkeer in groot verwarring t.o.v. die ware godsdiens, en verklaar openlik dat die bonte verskeidenheid in die witman se godsdiens hulle ontstig, sodat hulle nie herwaarts of derwaarts weet nie. Veral die sektes saai groot verwoesting in die gebied, miskien omdat die Engelse net gemeentes stig en hulle dan aan hulleself oorlaat. Dit veroorsaak dan natuurlik dat 'n Kerk wat nog 'n nuwe, onbekende leer bring, nie baie welkom is of groot aftrek kry nie, en sodra dit blyk dat hierdie Kerk nog Afrikaans is, op die koop toe, d.w.s. saamgestel is uit Afrikaans-sprekende lidmate, word ons daarvan beskuldig dat ons maar net die werktuig is van die Regering om die naturel se grond af te neem.

Die gif van die valse evangelie is so goed gesaai dat die betrokke hoofman weier om aan die helper 'n woonplek af te staan, en reguit verklaar het dat hy niks weer van ons Kerk en sy werksaamhede wil hoor nie. Die onderdane stel ook nie juis belang in samekomste wat nie die hoofman se goedkeuring en toestemming wegdra nie.

Maar ten spyte hiervan is daar alreeds een potensiële lidmaat, 'n naturel wat die begeerte uitgespreek het om toe te tree tot die gemeenskap van die kerk, Hy sal nou voorberei word vir belydenis, wat ons bede is wel sal gebeur. Dat hierdie reaksie op die verkondiging van die waarheid so spoedig intree is net maar weer die bewys dat Paulus kan plant, en Apollos kan natmaak, maar dat die wasdom van die Here kom. Ten spyte van die agtergrond, ten spyte van probleme en openlike teenstand, ten spyte van dreigemente van owerstes sal die Here die saad laat groei in die uitverkore hart, sonder verstikking, om honderdvoudig vrug te dra.

Die saak in die Transkei in natuurlik nog alles behalwe gewonne, maar die bemoedigende tekens is tog daar, die lande is wit.



# SOOS HOUT WAT SAAMGEBIND IS

*deur ds. L. Floor*

Daar is 'n mooi lied wat Venda-kinders een maal vir ons gesing het, toe ons 'n besoek gebring het by een van die skole in hierdie land.

Die titel van daardie lied was Eendrag.

Die kinders het gesing van 'n ou man wat voel dat hy sal gaan sterwe. Maar voor sy dood wil hy nog al sy kinders verduidelik hoe hulle moet lewe as hulle ou vader daar nie meer sal wees nie.

Hy het al sy kinders geroep en toe hulle eerbiedig by hom op die grond sit, tel die ou man al die stokkies op wat voor hom op die grond lê. Dan vorm hy al die stokkies tot 'n bondel en probeer hy om daardie hout wat saamgebind is te breek. Hy kan egter daardie bondel houtjies nie breek nie, want dit is sterker as sy hande.

Dan vat hy voor die verbaasde oë van sy kinders een stokkie apart en sonder moeite breek hy daardie houtjie stukkend.

„Luister mooi,"' sê die ou Muvenda tot sy kinders, „as julle na my dood met mekaar baklei dan sal die ander mense julle gemaklik kan breek. Maar as julle eendragtig is soos hierdie hout wat saamgebind is, sal ons vyande julle nooit kan breek nie. Daarom sê ek vir julle: wees altyd eendragtig!"

Aan hierdie mooi beeld moet ek dink in verband met ons sendingwerk in Noord-Transvaal. Inderdaad probeer ons vyand die duiwel om ons arbeid stukkend te breek. Hy probeer om die jong Christene te verlei en hy soek om twis en tweedrag tussen die helpers te saai.

Onbewus is in hierdie mooie lied 'n Bybelse gedagte tot uitdrukking gebring. Die groot vyand van die sending is die duiwel. In die groot stryd teen die bose magte is eendrag in die sendingwerk en in die jong gemeentes van die allergrootste belang.

Ons lees van die jong gemeente in die N.T. dat hulle eendragtig bymekaar gekom het (Hand. 2:1,46; 4:24).

In die briewe wat Paulus op die sendingveld geskryf het, wys hy die gemeentes daarop dat hulle tog eendragtig moet wees (Rom. 12:16; 15:5; 2 Kor. 13:11 en Fil. 2:2—4).

En ook die apostel Petrus roep die gelowiges op om eensgesind te wees (1 Petr. 3:8).

Eendrag in die gemeente en eendrag op die sendingveld, dit gee 'n krag soos van hout wat saamgebind is.

Iets van die krag wat daar lê in 'n waaragtige eenheid kan ons ervaar op die sendingveld. As ons die werk van die sending wat hier in en naby die Soutpansberge gedoen word vir U wil skets, dan kan ons sê: hierdie sendingarbeid is 'n sending in gemeenskap.

Dit is nou al ruim twee jaar lank dat ons al die sendelinge van die verskillende terreine elke maand 'n dag bymekaar kom om die gemeenskaplike probleme saam te bespreek.

Ons het as sendelinge begin om ons saam te besin op die inhoud van die voordoopse onderrig. In die N.T. vind ons mos 'n duidelike onderskeid tussen heiden-prediking en gemeente-prediking.

Die Geref. Nieu-Testamentikus van die Potchefstroomse Universiteit, prof. Snyman, het dit op een van ons sendelingbyeenkomste so vir ons verduidelik: „In die tyd na Pinkster sien ons twee vorme van prediking, naamlik die stigtings- of grondleggende prediking (die kerugma) en die stigtelike- of opbouende prediking (die diaskalia).

Die grondleggende prediking wat vir die heidene bedoel is, vind ons veral in die Handelinge van die Apostels en die opbouende prediking vir die gemeente vind ons in die Briewe".

Ons het toe 'n noukeurige ondersoek ingestel na die inhoud van die grondleggende prediking. Dit het geblyk dat daar vier elemente is wat in die apostoliese prediking vir die heidene besonder beklemtoon word.

Teenoor die heidene het die apostels in hulle prediking gewys op God as skepper (Hand. 14:15; en 17:24 en 26). Vervolgens spreek hulle oor die wederkoms van Christus en die oordeel (Hand. 17:31).

Dan het ook die opstanding van Christus as bewys van sy regterskap 'n plek in die heidenprediking van die apostels gekry. (Hand. 17:31).

En tenslotte bring ons dit by die verkondiging van die verlossing van die oordeel (Hand. 16:31).

Hierdie vier elemente: skepping, wederkoms, hemelvaart en verlossing het ons toe verwerk in 'n vraag—en antwoordboekie wat die helpers by die onderrig van die doopklasgangers kan gebruik.

'n Verheugde feit is dat ons sendelingbyeenkomste ook deur die predikante van die omliggende gemeentes bygewoon word en dat daar nou in Noord-Transvaal 'n heilsame wisselwerking tussen die kerk en die sending gekom het. Deur hierdie heerlike kontakte het ons gevoel dat die sending die kerk nie kan ontbeer nie en dat die kerk nie sonder die sending kan klaar kom nie.

Een van die skoonste resultate van die kontak tussen die kerk en die sending deur middel van predikante en sendingleraars is wel die feit dat die sendingwerk nou ook in Messina gaan begin, ja reeds begin het. Ons ervaar wat die krag is van hout wat saamgebind is.

Die vreugde van 'n gemeenskaplike arbeid word ook belewe wanneer al die sendelinge een maal in die maand met al die helpers van die verskillende terreine saamkom om die helpers op te lei en te bekwaam in hulle dienswerk. Die helpers word geleer hoe om 'n stigtelike toespraak te hou en die sendelinge gee lesings oor diverse onderwerpe wat van belang is vir die sendingwerk en die opbou van die jong gemeentes. Ook hier mag ons met dankbaarheid vermeld dat predikante, sowel blanke as nie-blanke hulle aandeel lewer in die verdere toerusting van die helper.

Die vrug van hierdie gemeenskaplike arbeid is dat baie helpers nou meer bekwaam is om hulle werk te doen en dat ons 'n merkbare vooruitgang in hulle optrede voor die gemeentes kan bespeur.

Ook tussen die helpers groei daar 'n gees van vriendskap en saambinding en ook by hulle word ervaar wat die krag is van hout wat saamgebind is.

Tenslotte is daar nog 'n derde aspek van die sendingwerk in Noord-Transvaal waar ons die krag van 'n gemeenskaplike arbeid kan sien. 'n Heel besondere arbeid is die werk van die Christenvrouens onder die heidense Venda-vrouens.

Die vrouens van die sendelinge en vroulike

lidmate van die nie-blanke gemeentes arbei met ywer en toewyding onder die Venda-vrouens. Vroeër sou elke Venda-vrou gelag het as jy haar wou vertel dat 'n vrou as volwassene nog kan leer lees en skryf. Maar nou kom hulle in groot getalle om geleer te word.

Op verskillende plekke kom die vrouens van die sendelinge met hulle nie-blanke medewerkers saam om die Venda-vroue te leer lees en skryf, om hulle naaldwerk te leer en om hulle uit die Bybel onderrig te gee.

Daar word leesonderrig gegee volgens die Laubach-sisteem vir volwassenes en elke vrou wat kan lees, ontvang as beloning 'n Bybel.

Ons kan die werk onder die vrouens een van die belangrikste aspekte van die sendingwerk noem, omdat die vrou 'n belangrike taak moet vervul in hierdie land. Baie van hulle mans is nie by die huis nie en die vrou moet vader en moeder tegelyk wees vir haar kinders.

Die uitbreiding van hierdie werk begin reeds om 'n fenomenale omvang aan te neem en dit brei steeds uit, daarom is ons so dankbaar dat daar 'n span van vroue is wat hierdie groot werk in 'n gees van selfopoffering en gemeenskap wil verrig. Hulle werk is so sterk omdat dit soos hout is wat saamgebind is.



# Sending-Pionier van Suid-wes 88 JAAR OUD

Vrydag, 3 Julie was dr. Heinrich Vedder sendingpionier, taalkundige, volkekundige, skrywer, filosoof en senator 88 jaar oud.

Hy bring sy laaste jare deur in stille afsondering in 'n huisie agter die netjiese Duitse kerkie in Okahandja, waar hy al sedert 1923 woon.

'n Besoek aan dr. Vedder is iets wat mens nie lig vergeet nie, veral nie 'n jong mens nie, want hy is 'n ou man en woon in 'n ou kamer met ou meubels, die skryftafel is oud en die foto's en die boeke. Selfs sy pyp is al meer as 10 jaar oud!

Alhoewel hy reeds so 'n hoë ouderdom bereik het, is sy geheue nog baie goed en kan hy smaaklik gesels oor die moeilike beginjare.

DIE BEGINJARE:

Eerw. Vedder het aan die einde van 1903 na Suidwes gekom as sendeling van die Rynse Sendinggenootskap. Hy het in Swakopmund voet aan wal gesit, wat toe nog nie die vreedsame vakansie-oord was van vandag nie, maar 'n woelige en wilde voorpos. Hy moes die Duitse gemeenskap alhier bedien, terwyl hy in Walvisbaai sou woon, waar 'n sterk gemeente bestaan het onder die Topnaar Hottentotte. Kort na sy aankoms het hy en 'n kollega te voet deur die swaar sand die 40 kilometer na Walvisbaai aangedurf, wat toe nog 'n Britse hawe was. Vandaar dat Swakopmunt deur die Duitsers, sover moontlik, as hawe gebruik is en hier altyd 'n saamtrek van soldate, matrose, handelaars en avonturiërs was.



Kort na sy aankoms het in 1904 die Herero-opstand plaasgevind, waarin 123 blankes (meestal op plase) om die lewe gebring is.

Spoedig het dit in Swakopmund gewemel van vlugtelinge uit die platteland en van Duitse troepe. Die blankes was nou gladnie gediend daarmee dat hy as sendeling vir hulle Sondag moes kerkhou nie, en hy het meestal nie 'n gehoor gekry nie, totdat die hulp van die militêre hoof ingeroep is en die soldate verplig is om die dienste by te woon. Die blankes het geglo dat die sendelinge geweet het van die voorgenome opstand van die Herero's en dit nie aan die owerheid bekend gemaak het nie. Dit was natuurlik gladnie die geval nie. Hierbenewens het hy vir die Bergdama-arbeiders, wat in Swakopmund vir die Spoorweë gewerk het, gereëld

dienste gehou. Spoedig was dit ook sy lot om vir die groot aantal Herero-krygsgevangenes kerk te hou. Aangesien talle van hulle gesterf het aan koue, ontbering en allerlei siektes, het hy die hulp van die Rynse Sending in Duitsland ingeroep om hulle van klere, komberse en medisyne te voorsien.

Sy arbeid onder verskillende taalgroepe het meegebring dat hy van die begin hom op die aanleer van meer as een taal moes toelê. Spoedig was hy redelik tuis in die Nama-, Herero en Ovambotale wat 'n groot prestasie is en 'n bewys van sy veelsydigheid.

## HOOF VAN DIE AUGUSTINEUM:

In 1911 word hy hoof van die Augustineum — die opleidingskool vir onderwysers en evangeliste—op Gaub, 'n sendingplaas tussen Otavi en Otiwarongo. Soggens het hy (aanvanklik onder 'n skerm) die opleiding waargeneem en in die middag saam met die studente op die lande gewerk. Hier het sy taalkennis hom goed te staan gekom want die leerlinge was uit verskillende volksgroepe. Onder hulle was ook heelparty wat nog nie kon lees of skryf nie.

Van die begin af het hy ook baie belanggestel in die Boesmans, en wou baie graag van hulle leerlinge kry. Eindelik het hy daarin geslaag om twee, Nani en Kuka, oor te haal om op Gaub te kom woon. Later het hulle families saam met enkele ander hul ook op die sendingplaas kom vestig. Hier het hy baie van hul leerwyse en taal geleer. Die sendingwerk onder die boesmans was glad nie tervergeefs nie. Vandag is daar ruim 5,000 wat aan die Rynse Sendingkerk behoort.

## TYDELIK VERBAN:

In 1914 is eerw. Vedder se vrou vir 'n operasie na Duitsland en om hulle oudste dogter in 'n meisieskool te plaas. Kort na hul vertrek het die eerste Wêreldoorlog uitgebreek en vir twee volle jare het hy geen enkele woord van hulle gehoor nie. Moeilike jare het nou aangebreek wat daarin geëindig het dat hy in 1919 na Duitsland gerepatrieer is. Dit was natuurlik 'n geweldige groot teleurstelling, want wat sou, menslik gesproke van die sendingwerk word? Twee-en-'n-half jaar het die verbanning geduur, maar eindelik is die gebede verhoor, want in 1922 kon hy a.g.v. die bemiddeling van die Ned. Geref. Kerk na Suidwes terugkeer.

## DIE JARE IN OKAHANDJA:

Alles moes nou weer van vooraf begin word. Daar is besluit om die Augustineum na Okahandja te verplaas, wat in die middel van die land geleë is.

Dit was ou verlate geboue en veral die houtwerk is baie verniel deur die rysmiere. As gevolg van gebrek aan fondse moes hy self maar aan die werk spring, timmerman speel en die geboue in orde bring. Omdat onderwysers hier opgelei is, is ook die Augustineum soos alle skole onder staatsbeheer gebring. Hy is nou deur die staat besoldig en was aan hom verantwoording verskuldig. Gevolglik moes hy eers na die Unie gaan om 'n studie te maak van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Aan die destydse Direkteur van onderwys het hy voorgestel dat Afrikaans die voertaal in die skole moes wees. Die antwoord was egter dat Afrikaans geen taal is nie. Toe is besluit dat Nederlands dit sou wees. Nie lank daarna nie is tog oorgeslaan na Afrikaans en vandag is dit die enigste amptelike taal wat in Suidwes aan die inboorlingskole verpligtend is.

Die naam van dr. Vedder sal seker altyd verbonde wees aan Okahandja, want hier het hy sy lewenstaak verrig. Hier het hy in opdrag van Administrateur Werth die geskiedenis van Suidwes te boek gestel, wat seker altyd 'n standaard werk oor die onderwerp sal wees.

Toe die oorlog in 1939 uitbreek, het daar weer treurige jare vir hom en sy kollegas aangebreek. In 1943 het sy vrou hom ontval en het hy sy intrek geneem in 'n klein verpleegstershuisie naby die sendinggebou. Op 71 jarige leeftyd het hy as superintendent van die Rynse Sending afgetree en slegs aangebly as hulpprediker in Okahandja.

Hier lewe hy vandag stil en alleen, maar is nog altyd aktief. Saam met die sendelingmense hou hy elke dag huisgodsdiens, 'n lewenslange instelling wat aanleiding gegee het tot een van sy grootste werke. Hy het naamlik 'n gebruik daarvan gemaak om die voorgelese gedeelte uit die Skrif vir die aanwesiges te verduidelik, waarvoor hy hom dag vir dag skriftelik voorberei het. Na tien jaar het hy vandag 'n Bybelverklaring van 20 manuskriptebundels met 3,650 bladsye. Dit heet „Die Hauskapelle." 'n Ander werk van hom is „Sontags Glocken," 999 gewyde gedigte, netjies getik en in 'n stel manuskripbundels gebind.

Die eenvoudige groen deurtjie in die onderdorp van Okahandja word nie maklik verbygegaan deur hoë besoekers nie. Hier kom elke Administrateur af en toe 'n besoekie aflê. Dr. E. Dönges, minister van binnelandse sake en seun van 'n vriend van weleer, sal Suidwes nie besoek sonder om hier ook aan te doen nie. Ook die huidige Staatspresident het as minister van Justisie hier besoek gebring. Hierdie besoeke word deur die gryse ou vader baie hoog waardeer.

In 1951 het hy senator geword ten einde as onafhanklike lid die Duitse element in die Parlement te verteenwoordig. Hy het van die Universiteit van Stellenbosch 'n eredoktorsgraad ontvang en besit ook 'n doktorsgraad in die filosofie van die Universiteit van Tübingen.

Dr. Vedder meen dat die Odendalplan 'n voorwaartse stap is wat baie sal bydra om Suidwes 'n lewenskragtige land te maak.

(Besonderhede ontleen aan „Kort verhale uit 'n lang Lewe" deur dr. H. Vedder, A. A. Balkema, Kaapstad 1957 en „Die Suidwester" van 27 Junie 1964, wat ook die foto verskaf het.) *Ingestuur deur ds. H. A. Louw.*



## NUUSFLITSE

*Meerdere Vergaderings:* „Gedurende die laaste gedeelte van die jaar word sewe meerdere vergaderings van die kerke onder die Nieblankes gehou.

Op 29 September vergader die Kleurlingsinode in Kaapstad en op 1 Oktober die Soutpansberg-sinode op Louis Trichardt.

Vyf klasses word ook nog gedurende die komende paar maande gehou:

a. Klassis Lichtenburg word op 18 November op Ottosdal gehou;

b. Klassis Potchefstroom op 4 November op Sharpeville, Vereeniging;

c. Klassis Pretoria op 27 November op Mamelodi;

d. Klassis Moroka op 4 Desember op Moroka Johannesburg;

e. Klassis Natal op 11 Desember op Kwa Mashu, Durban.

★ Die Kerkraad van Aranos doen sending op Ghanzi. 'n Helper, Andries Rampa van Potchefstroom, sal in Oktober daar begin werk.

★ Onlangs is ds. W. L. Kurpershoek op Vryheid, Natal, ontvang. Hy sal sendingwerk op Alado doen.

Ds. Kurpershoek het reeds verlede jaar uit Nederland op Richmond by di. J. Vonkeman en M. R. van den Berg aangesluit waar hy onderrig in die Zoeloetaal en leiding i.v.m. die sendingwerk in dié gebied ontvang het. Die drie predikante is uitgestuur deur die Vrygemaakte Gereformeerde Kerk van Nederland en werk in ons land onder die sorg van die Gereformeerde Kerk.

★ Met die oorplasing van die Groenwaterlokasie naby Postmasburg na 'n nuwe gebied in die Kuruman-reservaat, het die gemeente ook verskuif na die nuwe gebied.

Dit sorteer nou onder die Kerkraad van Kuruman en Klassis Griekwaland-wes werk ook mee in die saak.

★ Na 'n jaar se voorbereidingswerk begin die sending in die Transkei nou daadwerklike vorm aanneem.

Die sendingleraar, ds. J. C. Britz, het 'n saal op Butterworth bekom vir die hou van eredienste.

Ds. Britz is besig om die Xhosa-taal aan te leer en meen om eersdaags ook oorgeplaas te kan word na Butterworth. Hy woon tans op Oos-Londen.

★ Die Kuratore van die Teologiese Skool op Hammanskraal het aan ds. L. Floor 'n professoraat aangebied.

Ds. Floor is reeds etlike jare sendingleraar op Siloam.

Indien ds. Floor die benoeming as professor sou aanvaar, sal hy die derde professor aan die Teologiese Skool vir Nie-blankes wees.

★ 'n Preekbundel in Sotho het so pas verskyn. Die bundel is deur Klassis Germiston laat druk en is by die kantoor van die Deputate vir sending- en nasorglektuur te kry teen 30c per eksemplaar.

★ Die Formuliere, vertaal in Tswana, het ook nou in druk verskyn.

H. B. van der Walt.

**PLAAS u bestelling vir die SENDINGKALENDER 1965.**
**Die teks verskyn in:**

**SOTHO,**
**TSWANA,**
**VENDA**
**en**
**ZOELOE.**

**PRYS 10c ELK.**

---


**BESTELVORM:**

**Aan:**
**DIE SKRIBA,**
**POSBUS 20008,**
**NOORDBRUG.**
**Potchefstroom.**

Stuur asb. ................ eks. Sending-kalenders 1965 aan:

.................................................................
(Naam)

.................................................................
.................................................................
.................................................................
(Adres)



Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Posbus 156, POTCHEFSTROOM.